398.3
COE

TOKKELOSSIE

VAN DIESELFDE SKRYWER

---

1. *C. M. van den Heever, die Wese van sy Kuns.*
2. *Leengoed.*
3. *Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand.*
4. *Die Afrikaanse Volksgeloof.*
5. *Die Verhaalskat van ONS KLYNTJI.*
6. *Skimme van die Goudstad.*
7. *Waarheen Vader?*

# TOKKELOSSIE

## Bydrae tot die Afrikaanse Volkskunde en Taalkunde

deur

Dr. ABEL COETZEE

MONUMENT REEKS

*Uitgegee vir die Universiteit van die Witwatersrand deur*

J. L. VAN SCHAIK, BEPERK., PRETORIA
1941

*— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —*
*J. L. van Schaik, Bpk., Uitgewers, Pretoria.*

*Opgedra aan Prof. Dr. J. D. A. Krige.*

# INHOUD.


Bls.

Inleiding ........ 7

I. Tikoloshe in die Volksgeloof van die Bantoes ........ 11
1. Die „Riviermense. 2. Liggaamsbou en Voorkoms. 3. Naam. 4. Geslag. 5. Woning. 6. Voedsel. 7. Taal. 8. Eienskappe. 9. Dade. 10. Ontstaan en Verwante.

II. Tokkelossie by die Blankes ........ 21
1. Verspreiding. 2. Uitspraak van naam by Blankes. 3. Liggaamsbou en Voorkoms. 4. Geslag, Woning en Voedsel. 5. Dade.

III. Wisselwerkinge ........ 39
1. Kinderskrik. 2. Wisselinge. 3. Taal en Volkslied.

IV. Slotsom ........ 46

Aanhangsel: Sleutelkaart en lys van Plekname ........ 49

Kaarte:

nr. 1 ........ bls. 22.
nr. 2 ........ bls. 28.
nr. 3 ........ bls. 26.
nr. 4 / Sleutelkaart } Agter in boek.

# INLEIDEND

Aan die einde van 1938 het die Nasionale Navorsingsraad, op aanbeveling van die Minister van Onderwys, aan my 'n toelaag toegeken teneinde die verskyning en die geografiese verspreiding van 'n groep figure in die Afrikaanse volksgeloof na te gaan. Die groep bestaan uit vier gestaltes wat in sommige gevalle eng verwant is en in sommige gevalle sterk ooreenkomste vertoon as gevolg van wisselwerking: Tokkelossie, die Watermeid, die Gekroonde Slang, en Kokkewiet.

Teneinde die nodige medewerkers te vind, het die Direkteure van Onderwys van al vier ons provinsies toestemming gegee aan die skole onder hulle toesig, om mee te werk. Baie van die hoofde van skole aan wie ek vraaglyste gestuur het, het nie net self die lyste ingevul nie, maar het hulle skoliere ondervra en ook lyste onder en deur hulle versprei. Dit was die geval orals waar by die lys van plekname in die Aanhangsel meer as ses lyste aangetoon word vir dieselfde plek.

Teen die einde van 1939 het dit duidelik geword dat 'n taamlik grondige kennis van die Bantoe *Tikoloshe* nodig is teneinde 'n suiwerder beeld te kan opstel van die Afrikaanse Tokkelossie en sy bestanddele. Met 'n tweede omsendbrief het ek my toe gewend tot 'n aantal sendelinge, naturelle-onderwysers en skrywers.

As gevolg van 'n oproep in *Die Brandwag* het ook 'n groepie van die lesers hulle hulp aangebied by die insameling van die stof.

Sodoende het ek daarin geslaag om in die loop van anderhalf jaar die volgende ingevulde lyste in te samel:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Transvaal ...... ...... ...... ...... ...... | 231 | plekke | met | 408 | lyste; |
| Kaapland ...... ...... ...... ...... ...... ...... | 222 | plekke | met | 331 | lyste; |
| Vrystaat ...... ...... ...... ...... ...... ...... | 106 | plekke | met | 228 | lyste; |
| Natal en Zoeloeland ...... ...... | 18 | plekke | met | 31 | lyste; |
| Swaziland ...... ...... ...... ...... ...... ...... | 1 | plek | met | 1 | lys; |
| Basotoeland ...... ...... ...... ...... ...... | 2 | plekke | met | 3 | lyste; |
| Suidwes ...... ...... ...... ...... ...... ...... | 2 | plekke | met | 2 | lyste; |

dus 1004 lyste vir 582 aparte plekke. Die geografiese verspreiding van die medewerkers word aangetoon in die sleutelkaart en die lys in die Aanhangsel agterin. By die getal lyste moet nog gevoeg word vyf ingevulde lyste wat aan my teruggestuur is sonder vermelding van wie die medewerker is en vanwaar die lys afkomstig is.

Kyk ons na die sleutelkaart (Aanhangsel), dan blyk dit dat ons hele spraakgebied redelik bevredigend gedek word deur die antwoorde. Aan Natal, Basoetoeland, Zoeloeland en Swaziland is nie besonder veel aandag bestee nie, omdat ek my hoofsaaklik toegelê het op die oorwegend Afrikaanssprekende gebiede.

In Kaapland is daar tog een aansienlike gebied wat nie bevredigend verteenwoordig is nie, soos blyk uit die sleutelkaart, nl. die strook gebied wat uit die Suide noord-wes strek oor die middelste gedeelte van Kaapland, ongeveer van die buurt van Mosselbaai af tot suid-wes van Kakamas. Nou is dit wel 'n dunbevolkte gebied, maar selfs dan nog is die toestand hier heeltemal onbevredigend. Hierdie leemte in my gegewens is een van die oortuigendste argumente ten gunste van die skepping van 'n blywende organisasie vir volkskundige en taalgeografiese navorsing. Met veel moeite en opoffering is nagenoeg 5,000 adresse byeen gesoek; aan elke adres is 'n vraaglys gepos tesame met 'n gefrankeerde koevert vir die terugsending daarvan. Van die nagenoeg 5,000 lyste het ek ruim 1,000 terug ontvang, of 20% van die groot totaal, wat nogal nie te sleg is nie. Maar as ek nou self, of iemand anders, weer dieselfde gebied wil dek met die een of ander stuk navorsingswerk in verband waar-

mee die geografiese verspreiding van sulke verskynsels van betekenis is, dan moet al die voorbereidende werk — wat taamlik omvangryk is — oorgedoen word, en dan moet mens maar weer toesien dat ongeveer 80% van die uitgawes in die water gesmyt word.

Dat ek tog nog soveel gegewens byeen kon bring, is ek uitsluitend verskuldig aan die welwillendheid van 'n aansienlike aantal manne en vroue wat sonder enige verpligting tog die moeite gedoen het om toegesonde vraaglyste te bewerk.

Aan almal wat op die een of ander manier hulle deeltjie bygedra het by hierdie stuk navorsingswerk, my innigste dank. By name moet genoem word Dr. A. Richards (antropoloog), Professor C. M. Doke (hoogleraar in Bantoetale), en Prefessor L. F. Maingard (hoogleraar in Frans, en kenner van Hottentots), vir hulp met bibliografie, ens.

Dit kan sy waarde hê om hier tenslotte nog te wys op die „ontvangs" wat my vraaglys te beurt geval het, en die houding van 'n groep van ons mense teenoor verskynsels in die volksgeloof. Die meeste van die bewerkte lyste toon 'n warme belangstelling in hierdie soort navorsingswerk, en menige medewerker het spontaan 'n brief by die voltooide lys ingesluit om daarvan te getuig.

Maar daar is tog ook enkele gevalle — gelukkig seldsame uitsonderings — wat nie van 'n gesonde uitsig op die saak getuig nie. Een persoon was blykbaar so onthuts oor die inhoud van die vraaglys dat hy aan my 'n pamflet gestuur het met die nadruklike vraag: „Is u siel gered?" En daarvoor het hy my eie gefrankeerde koevert gebruik! Een herder van 'n sendinggemeente het geantwoord: „Hiervan is goddank niks by my gemeentelede bekend nie." Hy voeg by dat hy alreeds sowat twintig jaar in bediening staan op daardie besondere plek. Uit dieselfde gemeente het ek drie pragtig ingevulde lyste terug ontvang! Uit so'n geval blyk dit oorvloedig dat mens ook nie orals kan gaan aanklop om inligting nie, want die

persoon mag gewillig genoeg wees om mee te werk, en tog uit die aard van sy werkkring nie oor die nodige gegewens beskik nie.

Die oorwegend gesonde geesteshouding van die medewerkers teenoor 'n ondersoek van hierdie aard, is werklik bemoedigend, en dit ly geen twyfel dat 'n permanente, georganiseerde poging tot stofversameling met 'n redelike mate van sukses bekroon sal word.

Dit gee my dan ook besonder veel genoeë om te kan berig dat die Universiteit van die Witwatersrand, grotendeels as gevolg van die gegewens in die huidige ondersoek vervat, besluit het om, onder toesig van sy Departement van Afrikaans, 'n permanente *Bureau vir Taal- en Volkskundige Navorsing* in die lewe te roep en die skrywer aan te toon as die organiseerder daarvan. Dit is ook die Universiteit wat die nodige fondse beskikbaar gestel het vir die publikasie van hierdie studie.

## Hoofstuk I.

# UIT DIE VOLKSGELOOF VAN DIE BANTOESTAMME.

### 1. *Die „Riviermense."*

As uitgangspunt van ons beskrywing van Tikoloshe in die volksgeloof van die Bantoes, is dit insiggewend om die beskrywing en ontleding van B. J. F. Laubscher in sy studie: *Sex, Custom and Psycho-Pathology,* London 1937, voorop te plaas. Ek vertaal die betrokke paragrawe vry.

In die volksoorlewerings van die Temboe- en Fingoestamme bestaan daar 'n menseras, die Riviermense (Abantubomlambo), waaromheen 'n ingewikkelde ritus opgegroei het in verband met heidense gewoontes. Volgens gestalte en fatsoen sou hulle in die Westerse Mitologie bestempel geword het as meerminne. Hulle is half-vis, half-mens, met pragtige lang golwende hare. Dit word vertel dat hulle in krale woon, diep onder in die riviere, veral onder in die diep waterkuile. Hulle het hulle eie gewoontes en tradisies, selfs hulle voedsel en die manier van voorbereiding verskil van dié van die gewone mense (bls. 1).

In die folklore van die Temboes en Fingoes is daar drie betekenisvolle wesens: *Tikoloshe,* die *Impundulu* ('n voël) en die *Inyoka* ('n slang). Vir die inboorlinge is dit drie natuurlike lewende wesens. Vir die Europeaan lyk hulle wel fabelagtig, maar die inboorlinge twyfel nooit aan die bestaan daarvan nie. Ongetwyfeld besit hulle 'n opbouende waarde, want 'n ontleding van hulle invloed toon duidelik aan dat hulle die kinderlike begeertes (wense, verlangens, drifte) van die draers van hierdie kultuurvorm bevredig. Die bestaan

van hierdie wesens is maar net 'n vermomming van die verwesenliking van die genoemde begeertes. Hulle bestaan dien slegs as skerm vir dié begeertes wat bots teen die wet en die sedes. Hulle vorm die dryfkrag van towery.

Van die drie is *Tikoloshe* (of ook *Hili*) die beste bekend. Dit word vertel dat hy 'n ondeuende klein persoontjie is „with aggressive sexual proclivities." Tokkelossie speel 'n belangrike rol in die seksuele sielkunde van die Temboes en Fingoes. Die meeste van sy dade het blykbaar betrekking op meide wat skamerig-verleë van hom praat. Hy is 'n dwergmannetjie met kort ledemate en 'n sterk, gesette liggaam. Om sy skouers dra hy 'n skaapvel. 'n Opvallende liggaamsdeel is die ontsaglike geslagsorgaan; in hulle beskrywing van Tikoloshe vergeet die meide nooit om hiervan melding te maak nie.

Oor Tikoloshe is daar baie verhale in omloop en baie eienaardighede word aan hom toegeskryf. Maar hy is by uitstek bekend om sy baldadige geslagsverkeer met meide. Dit vind altyd snags plaas terwyl die manskaffers slaap.

As dit tog af en toe gebeur dat 'n meid deur Tikoloshe bevrug word, kan mens sulke kindertjies by hulle geboorte dadelik uitken, hoofsaaklik as gevolg van die een of ander opvallende gebrek (waterhoofde, dwergagtigheid, kinders wat gebore word sonder harsings — anencephalus). Alle misgewasse (monsters, dwerge) word beskou as Tikoloshe se werk.

Laubscher vermeld dat hy ongeveer 100 meidjies van tussen 16-18 jaar ondervra het oor die hele Transkei, en almal het vir Tikoloshe geken (bls. 8-13).

Wat die maatskaplike sy van die saak betref, gebeur dit selde of ooit in hierdie kultuurkring dat 'n meidjie trou met die kaffer wat sy liefhet. Haar man word gekies deur haar ouers, en hulle word in hulle keuse beïnvloed deur allerlei oorwegings: die stand van die gesin van die man, die grootte van die *lobola,* die noodsaaklikheid om

'n manlike erfgenaam te verwek vir die eie geslag en gevolglik die noodsaaklikheid om met 'n bloedneef te trou. *Tikoloshe*, die *Impundulu*, en die *Inyoka* is dus die middels waarmee sy haar vergoed teenoor die oorheersing en meerderwaardigheid van die manlike geslag. Hier kry sy bevrediging sonder die tussenkoms van 'n man. In hierdie kultuurkring is dit dus die middels waardeur dit die man aan die verstand gebring word dat nie net hy geslagsbevrediging kan bring nie. Die manskaffers moet inderdaad meeding teen hierdie mitiese wesens in die volksgeloof. *Tikoloshe*, die *Impundulu*, en die *Inyoka* is dus noodsaaklike bestanddele van so'n kultuurkring, as onbewuste kragte om die ewewig te bewaar. Deur hulle word die seksuele waarde van die vroulike geslag verhoog, en Laubscher meen derhalwe dat hy op psigologiese gronde kan besluit dat hierdie drie wesens heel moontlik 'n skepping is van die gees van die vrou (bls. 30).

Dit is egter nodig om stelselmatig en min of meer sinteties 'n beeld te gee van Tikoloshe soos ons hom by die Suid-Afrikaanse Bantoes aantref. Hierdie beeld berus op gegewens uit die reedsgenoemde geskrif van Laubscher en op die gegewens wat verstrek is deur sendelinge en inboorlinge uit verskillende dele van die land (vraaglys No. 2).

## 2. *Liggaamsbou en Voorkoms.*

Tikoloshe is 'n kort, gesette, dwergagtige swart mannetjie (s. titelplaat) en sy lengte wissel af tussen twee en drie voet. Sy liggaam is bedek met hare; maar dit word ook dikwels vertel dat die een helfte glad is soos die liggaam van 'n kaffer en die ander helfte harig; dit word ook gesê dat hy half-mens en half-dier is. Soms het hy 'n lang wit of grys baard. Sy gesig lyk soos die van 'n mens, van 'n hond, of van 'n bobbejaan. Soms word vertel dat sy hele kop soos 'n hond s'n is, dat sy ore besonder groot is — van vier tot ses duim lank, dat sy hande en voete groot is, en sy bene hard soos

bottels. Dikwels is hy heeltemal naakt en hy is ongevoelig teenoor koue of hitte, maar dikwels dra hy 'n vel oor sy skouer.

Opvallend is sy besonder groot roede, maar ook dikwels is die sak so groot dat hy dit oor sy skouer ronddra.

Hy is slegs gewapen met 'n rietjie, en soms rook hy ook graag 'n pyp. Dit word vertel dat as sy twak gedaan is, dan eet hy nie en hy is woedend — wat mens laat dink aan die kenmerkende gedrag van rokers oor die algemeen!

Antropoloë vertel dikwels dat die vertoning van 'n prent van 'n sjimpansee, orang-oetang, of gorilla aan die kaffers die uitroep ontlok: *Tokolosje*! (Werner: Myths and Legends of the Bantu, 289).

### 3. *Naam.*

Die uitspraak van die naam deur die verskillende inboorlingstamme en die manier waarop die uitspraak daarvan in Afrikaans beïnvloed en weerspieël word, behandel ons later in fyner besonderhede.

Voorlopig geld net dat, volgens die bekende Basotoe-skrywer, Thomas Mofolo, die naam van hierdie wesentjie eintlik *Uhili* is — die naam waarvan hy die meeste hou. Tikoloshe, 'n soort skimpnaam waarvan ek die betekenis tot nog toe nie kon oplos nie, het op hom dieselfde uitwerking as wanneer mens aan 'n kaffer sê: jou swartvel!

Maar Tikoloshe het ook tallose ander byname wat die een of ander opvallende kenmerk na vore bring. Hiervan het ek die volgende opgeteken: Sinkanselana (Laubscher, 9), Ra Mechana (wat deur een van my inboorling-medewerkers vertaal word as *Sakdraer*, dus iemand wat 'n sak dra as kleed; 'methe<Afr. mud=graansak; diminutief: mechana. Mabille/Dieterlin: Sesuto-English Dictionary, Morija, 5e dr. 1924, bls. 226), Monna e Mokhutsoane (Kortman), „Seun van die Water," Ponikitjlakakai (Poniemens wat sê: Waar het jy my gesien?).

4. *Geslag.*

Uit Laubscher se beskrywing het dit reeds geblyk dat daar manlike en vroulike Tikoloshe is, met hulle eie kinders, net soos gewone mense. Dit is egter lank nie altyd en orals die opvatting nie. In elk geval die vroulike Tikoloshe en haar kinders bly orals sterk op die agtergrond, so erg soms dat van die beriggewers nie bewus is van die bestaan van 'n vroulike Tikoloshe nie.

5. *Woning.*

Die „egte" Tikoloshe woon byna uitsluitend in riviere, in diep kuile water, onder die water in riviere en kuile — dikwels in grotte in die water of in die oop ruimtes wat deur klippe en en rotse omring is in die water. Maar Tikoloshe woon ook in die riet langs riviere, in rietvleie, of in digte bosse. Die „ander" Tikoloshe, wat gemeenskap hou met mense (verkeer met meide) verskuif na eensame grotte as die rivier nie naby genoeg is om snags besoeke aan die statte te kan aflê nie. Hierdie Tikoloshe hou ook in 'n donker hoek van die meid se stroois, of eenvoudig in 'n holte in die vloer waar hy toegedek word met komberse, of hy dwaal sommer bedags in die veld rond en kom snags na die strooise toe, of hy hou onder die bed in 'n slaapkamer waarin daar geen venster of lig is nie, of hy word eenvoudig in 'n bierpot „gebêre."

6. *Voedsel.*

Hy eet paddas, wortels, likkewaan (lizard), vleis, melk, dikmelk, kalbasmelk, kafferkoringpap en melk, kafferbier, en alle soorte voedsel wat gewone mense eet. Sy kos word soms opgedis in 'n gebreekte kafferpot en, belangrik, daar mag geen sout in sy kos wees nie — vir hom is dit dodelik; slegte geure verdryf hom ook.

7. *Taal.*

Tikoloshe praat die taal van sy baas of besitter; anders Xosa— ook buitekant die Transkei!

## 8. *Eienskappe.*

Soms word vertel dat Tikoloshe baie lui is, maar dis lank nie 'n algemene eienskap nie.

Opvallend is sy vermoë, net soos in die geval van die elwe, om onsigbaar te word, met die gevolg dat sy slagoffers hom gewoonlik nie sien nie, alhoewel hulle hom kan voel en hoor; Tikoloshe kan na keuse sigbaar word. Soms word vertel dat hy onsigbaar word deurdat hy 'n hoedjie — deurweek met „toorgoed" of „medisyne"— op sit, of 'n stokkie in sy mond sit. Ontneem hom sy hoedjie en hy word sigbaar en kan dan maklik doodgemaak word. Juis sy onsigbaarheid bring mee dat hy 'n doeltreffende boodskapper is, vandaar sy wydverspreide aanwending in hierdie hoedanigheid deur hekse en towenaars, waaroor straks meer.

Maar gewoonlik is Tikoloshe tog sigbaar vir swaksinniges en kinders saam met wie hy baie graag speel. Juis in hierdie verband kom Tikoloshe se hulpvaardige geaardheid te voorskyn. Aan kinders en swaksinniges wat in nood verkeer, vertoon hy hom en verleen hulp aan hulle. Hy wreek ook enige leed wat gedoen word aan vrouens en kinders. Veral by die Basotoes is Tikoloshe taamlik hulpvaardig en gedienstig. Volgens oorlewering het die Basotoes hom leer ken by die Xosas en hom oorgeneem; hulle het hom toe leer werk, veral om beeste, skape en bokke op te pas. Van hierdie soort werk hou hy besonder veel en doen dit uitstekend. Hy kan ook geleer word om huiswerkies te doen — soos goeie kabouters dus!

Sy ander eienskappe is meer vreesaanjaend. Van hom moet jy fluisterend praat, anders hoor hy jou en neem wraak. Sy slagoffers word gewoonlik nek omgedraai sodat die gesig na agtertoe kyk. Onder geen omstandighede mag iemand wat Tikoloshe ontmoet, hom stip in die gesig kyk nie; dit is 'n belediging wat miskien ernstige gevolge kan hê (Brownlee: *Die Klein Bruin Voëltjie*, 234). Wie die

Tikoloshe sien, gaan oombliklik dood (Rompel: *Die Goue Kobra*, 6), 'n trek wat hy dus gemeen het met die baselisk.

Behalwe die feit dat Tikoloshe in die water hou, en gewoonlik saam met likkewane aangetref word, is dit nog opvallend dat Tikoloshe net 'n rietjie by hom dra, dat jy hom met 'n rietjie onmiddellik kan doodslaan, en dat hy 'n silwer reier besit (E. Rautenbach: *Nhlambi en die Tokolosi* — *Die Brandwag* 9 Desember 1938) — almal sake wat hom koppel aan die rivier. Naderhand sal ons weer geleentheid hê om hierop terug te kom.

9. *Dade.*

Die dade wat in die volksgeloof van die Bantoes aan Tikoloshe toegeskryf word, kan in vier duidelike groepe verdeel word.

Ons het reeds gesien dat die opvallendste dade wat aan Tikoloshe toegeskryf word die geslagsverkeer met meide is. Dis nie nodig om hierdie punt verder te beklemtoon nie, behalwe net om by te voeg dat Tikoloshe soms snags aan meide drink, dat daar in Bremersdorp (Swaziland) 'n liedjie gesing word waarvolgens Tikoloshe 'n hond is „which makes love to married women" ('n berig van mev. Hynd), en dat Tikoloshe volgens die oorlewering op sommige plekke 'n skadelose skepsel was tot hy eendag 'n meid in die rivier sien bad en met haar omgang gehad het.

'n Tweede groep dade getuig van hulpvaardigheid. Plek-plek word dit nadruklik vertel dat Tikoloshe nie oor die mag beskik om lewe te neem of om te genees nie. Maar hy kan tog beweeg word om snags allerlei huiswerkies te verrig. Hy speel graag met kinders omdat sy gestalte hom by hulle tuis laat voel. Hy neem selfs speels deel aan die kieriegevegte van die klein kaffertjies, maar dan spring hy op buitengewone manier rond en bont om sy teenstander af te mat.

Die derde en vierde groep hang eng saam met Tikoloshe se vermeende vermoë om onsigbaar te word. In die eengroep gevalle handel hy uit eie beweging, en dan is hy meestal 'n terggees: hy

suip beeste en bokke uit, hy steel snags melk in die strooise, hy pla dikwels die volwasse melkers deur onsigbaar saam te melk aan die ander spene tot groot vermaak van die veewagtertjies vir wie se oë dit nie verborge is nie, hy verander maklik van gedaante en loop veral snags rond om kwaad te doen, hy is die bringer van siektes. Alle onverklaarbare gebeurtenisse word deur die inboorlinge aan hom toegeskryf (Potgieter: *Die Nuwe ou Land*, 33-34). Maar dikwels ontaard sy tergery tot boosaardigheid. Dan word hy lewensgevaarlik. Sy slagoffer val hy op enige plek aan, meestal in die nag, en hy verwurg die persoon of draai sy nek om. Hy steel ook lyke (Rompel: *Die Goue Kobra*, 7-8).

Een van sy bekendste maniere van optrede kan ons in hierdie groep tuisbring. As hy 'n persoon teenkom, dan vra Tikoloshe: „Hoe ver het jy my gesien kom?" As die slagoffer sê: „Hier," of „Nou net", dan kry hy 'n goeie pak slae met die rietjie wat Tikoloshe altyd by hom dra. Jy moet sy fyngevoeligheid ten opsigte van sy grootte streel deur op sy eerste vraag te antwoord: „Ek het jou daar ver gesien, by die blou berge al."

'n Besonder mooi voorbeeld van sy plaery is die volgende voorval: 'n groepie meide het na die kerk toe gegaan, sommige met 'n baba op hulle rug geabba, en sommige met hulle Tikoloshe; toe die gemeente begin sing, het een Tikoloshe saamgesing met 'n diep basstem, tot verbasing van die ander meide;

In die vierde groep is Tikoloshe gewoonlik nie vry nie, maar hy tree op as boodskapper of as die eiendom van 'n heks of towenaar, en as sulks voer hy eenvoudig die opdragte uit wat aan hom opgedra is. Hy bring dan onheil aan die slagoffer van die towenaar. Hy word dan ook beskou as die boodskapper van onheil (Wulf Sachs: *Black Hamlet*, 117-8). Die heks of towenaar kan hom stuur om siekte te bring, dood te maak deur te verwurg, om 'n pak slae te gee, of om gif in die slagoffer se kos te gooi. Hy kan jou ook met sy towerkruie en towerklippe gooi en tog self onsigbaar bly. Tikoloshe word soms

self ook beskou as 'n toordokter (Potgieter: *Die Nuwe ou Land*, 33-34). Vandaar dan ook dat hy soms 'n sak op sy bors dra waarin hy sy „medisyne bêre.

In verband met moordsake waarby uitsluitend naturelle betrokke was, is Tikoloshe ookal dikwels aangewend deur die beskuldigdes as dekmantel (N. Devitt: *The Spell of South Africa*, 117-8; *Sunday Times*, 14.5.39).

10. *Ontstaan en Verwante.*

Die gangbaarste opvatting is wel dat Tikoloshe gebore word en voortplant soos gewone mense, maar daar is ook ander opvattings, veral ten opsigte van die boosaardige Tikoloshe wat die boodskapper is by towery. Hier is die opvatting gangbaar dat Tikoloshe deur 'n heks of towenaar opgewek word uit die lyk van 'n afgestorwene. Elders word Tikoloshe gemaak deur meide, en wel as volg: hulle neem 'n stuk kafferkoringbrood, plaas die longe van 'n hoender daarin, meng dit met towermiddels („medisyne"), sit dit op die ashoop en dan in 'n pot waarin dit geroer word. Dit verander in 'n dier — Tikoloshe!

Baie gangbaar is ook die opvatting dat 'n persoon in besit kom van 'n Tikoloshe sonder sy eie toedoen; dit word aan hom oorgedra deur middel van 'n eenvoudige geskenkie: 'n armband, krale, vet, klere, ens. 'n Meid kan ook 'n Tikoloshe by 'n heks gaan vra. Dikwels kom meide in hulle drome met Tikoloshe in aanraking; die droom is 'n teken van liefde teenoor hom, en as die meid die droom verswyg, word dit beskou as 'n teken dat sy hom verwelkom. Hierdie geval staan egter meer besonder in verband met Tikoloshe en geslagsgemeenskap.

Wat die wyse van sy verwekking betref en sy optrede as bringer van onheil by towery, vertoon Tikoloshe 'n treffende ooreenkoms met heel party dergelike figure elders by die Bantoestamme. Ek noem byvoorbeeld die *Litugwani* van die Nakaranga (Masjona)

(meegedeel deur die sendeling op Warrenton); en die *Tuyewera* van Noord Rhodesië (Melland: *In Witch-bound Africa,* 204; C. M. Doke: *The Lambas of Northern Rhodesia,* 315; Smith and Dale: *The Ila-speaking Peoples,* dl. II 132; Werner: *Myths and Legends of the Bantu,* 247-9; Smith: *Religion of the Lower Races,* 14-15).

Ten slotte moet ek net byvoeg dat ek nie kon ingaan op Laubscher se privaat wenk dat Tokkelossie met sy woning in die water en met die begeleidende likkewaan — en ek kan byvoeg: met sy hondekop en die reier — moontlik 'n vervorming is van die Egiptiese Horus met die begeleidende krokodil nie. Hoe belangwekkend so'n ondersoek ookal mag wees, sou dit my te ver uit my koers neem, en dis trouens van geen wesentlike belang vir die Afrikaanse volkskunde nie. Dis 'n vraag wat veilig gelaat kan word in die hande van die Bantoeloë, by wie dit meer tuisbehoort.

## Hoofstuk II.

# TOKKELOSSIE BY DIE BLANKES.


### 1. *Verspreiding.*

Die heel eerste saak om uit te maak, is die vraag: Waar is Tokkelossie in ons land bekend aan die blankes, en waar nie?

By die skifting van die ingesamelde stof het vier groepe duidelik te voorskyn getree. By die eerste groep blankes ontbreek alle kennis van Tokkelossie volslae. Hoogstens is die naam bekend, maar dis dan vasgeknoop aan 'n ander verskynsel wat verband hou met die Afrikaanse volksgeloof. Hierop volg 'n tweede groep blankes wat Tokkelossie in die een of ander vorm en in verskillende grade van aanpassing of wisselwerking ken; kenmerkend van hierdie groep is dat die blanke persone blykbaar onbewus is van die feit dat die volksgelofies in verband met Tokkelossie stam uit die kultuurkkring van die Bantoes. Dan 'n derde groep: Tokkelossie bestaan in die volksgeloof van die blankes, maar hulle is ook bewus daarvan dat dit afkomstig is van die Bantoes. Die laaste groep weet wel deeglik van die bestaan van Tokkelossie, maar hulle beskou dit onomwonde as iets wat net by die inboorlinge aangetref word.

In hierdie indeling sien ons dus duidelik die verskillende stadiums wat kultuurgoed by die proses van ontleding en uitruiling moet deurloop.

Nadat die gegewens sorgvuldig in kaart gebring was, kon die volgende gebiede afgebaken word, soos blyk uit *Kaart Nr.* I: (1) Dit blyk dat Tokkelossie heeltemal onbekend is ten weste van 'n lyn wat in die noord-weste van Kaapland begin aan die Grootrivier by Onseepkans (T.2), suidooswaarts loop oor Pofadder (T.1), vandaar



TOKKELOSSIE — Kaart nr. 1. = VERSPREIDING
Heeltemal onbekend by Blankes
Bekend by Blankes in alle stadiums van oorname [vgl. Teks]
① ens. en gebied wat blank gelaat is
Oorgangsgebied en eilandjies daarvan

effens meer suid oor Matjiesvlei (M. 2), suidweswaarts oor Wupperthal (E. 35) en Het Kruis (E. 28), suid oor Sauer (E. 24), weswaarts tot by Hopefield (E. 21), waar dit suidoos swaai na Rust (E. 14) en oos tot by Ceres (E. 9), vanwaar dit weer suidoos buig oor Daljosaphat (E. 5) en reg suid oor Paarl (E. 4), tot by Eerste Hoop (A. 11), dan oos tot by Greytown (E. 12), vanwaar dit noord-oos loop tot by Montagu (F. 10), wes tot by Driefontein (F. 11), suidoos oor Bloutoring (F. 12), noordoos tot by Laingsburg (F. 21), suid tot by Brandrivier (F. 4), effens noordoos tot by Van Wyksdorp (F. 7), byna noord tot by Calitzdorp (F. 17), en uiteindelik suid oor Valsrivier (B. 13) tot aan die kus tussen Johnsonspos (B. 11) en Mosselbaai (C. 1). Gemakshalwe sal ons na hierdie grenslyn in die toekoms verwys as *Onseepkans-Eerste Hoop-Mosselbaai.*

(2) Teenoor die eerste gebied staan die gebied waarin Tokkelossie alreeds volkome oorgeneem is deur die blankes of nog in verskillende stadiums van oorname verkeer. Hier was dit nie doenlik om die besonderhede deur middel van grenslyne van mekaar te skei nie: oor die hele gebied wys die gegewens alle stadiums van oorname naas- en deurmekaar aan. Dit is die eintlike gebied van oorname met die Transkei, Zoeloeland, Swaziland, Basotoeland, Betsjoeanaland, en die gebied van die Bapedistam in N.O.-Transvaal as kerngebiede en die inboorlinge wat versprei is oor die hele Natal, Vrystaat en Transvaal as voortdurende aanrakingspunte. Want alhoewel Tokkelossie se bakermat deur Laubscher en deur al die naturelle self gelokaliseer word in die Transkei — die tuiste van die Xosas — word die betrokke figuurtjie tog by alle Bantoestamme aangetref.

Hierdie deureenmengeling van gegewens is dan ook 'n duidelike bewys dat die wisselwerking tussen die volksgeloof van die blankes en van die inboorlinge in die bepaalde geval nog nie voltrek is nie. Die grenslyn *Onseepkans-Eerste Hoop-Mosselbaai* toon dan ook ongeveer die grenslyn aan van die deursypeling van die Bantoe-invloede in die westelike rigting vanuit die oostelike gebiede waar die

eerste aanraking tussen Europeane en Bantoes plaasgevind het. Dink aan die ou historiese grense: die Kei en die Visrivier en die hele grensstelsel van Glenelg, die ontevredenheid van die Koloniste van die Oostelike Provinsie, en die aanvang van die Groot Trek. Dit blyk dan dat die Bantoe-invloede al 'n hele endjie gevorder het in westelike rigting.

Uit die gegewens blyk dat hoe digter mens die grense van die kern-inboorlinggebiede nader, hoe groter word die aantal gevalle waar die blankes Tokkelossie in besonderhede ken slegs as Bantoe-volksgeloof. (Die ideale toestand sou natuurlik wees om dit deur middel van kleurdrukke aan te toon, maar die hoë drukkoste verbied dit, al is die kaart dan ook reeds al voltooi!)

Hierdie tweede gebied strek dan ten ooste van 'n lyn wat begin in die noordweste van Kaapland by Marchand (U. 4), daarvandaan oor Droëgrond (U. 2) en Kenhardt (U. 1) suidooswaarts tot by Victoria-Wes (N. 1), dan weer met 'n skerp hoek terug, suidwes oor Halfmanshof (E. 17) tot by Moorreesburg (E. 16), en weer terug, reg oos, oor Kleindrif (1. 15) tot by Hoeko (F. 20), vandaar reg suid tot by Ladismith, Kaap (F. 14) en dan weer reg oos oor Schoemanshoek (G. 19) tot by Le Rouxstasie (G. 16), en suid tot by Buffelsdrift (G. 5) vanwaar dit ooswaarts ombuig oor Misgund-Oos (G. 8), Krakeelrivier (G. 10) en Joubertina (G. 11), en weer effens suid om by Humansdorp (D. 1) teen die kus vas te loop. Dit is dan die lyn *Marchand-Moorreesburg- Humansdorp.*


(3) Tussen hierdie twee grenslyne in lê 'n soort neutrale gebied wat in die noordweste van Kaapland op sy breedste is en in die suide op die smalste. In hierdie gebied, waar ons op die grens is van die verskynsel, die periferie of die oorgang, kom die naam Tokkelossie wel voor op verskeie plekke, en so hier en daar skemer 'n vae kennis deur in verband met die bygelofies wat met die figuurtjie verband hou, maar die gegewens wat ingesamel kon word, is so vervaag dat mens slegs tot die gevolgtrekking kon geraak dat Tokkelossie dáár niks meer is as 'n naam nie.

Ek moet egter nadruklik waarsku dat juis die lyn *Marchand-Moorreesburg-Humansdorp* getrek is deur diè gebied waaruit, volgens my eie sleutelkaart, nie heeltemal voldoende gegewens verkry is nie. Ek vlei my dus nie dat hierdie lyne, veral die *Marchand-Moorreesburg-Humansdorp* lyn, onomstootlik vasgelê is nie. Die meeste waarop ek volgens my gegewens aanspraak kan maak, is dat duidelik aangetoon word dat Tokkelossie van die Bantoes nog nie heeltemal deur die hele Afrikaanse kultuurgebied gedring het nie, en dat die skeidingslyn daarvan by benadering aangetoon is. Hiermee is dus slegs 'n voorlopige grondslag gelê wat kan dien as baie nuttige uitgangspunt van 'n meer gedetaileerde ondersoek.

Betreffende die eilandjies in gebied (1): wat die verstrekte gegewens betref, sluit hulle aan by die oorgangsgebied, en hulle versterk die waarskynlikheid dat die aangeduide grensgebied by benadering tog nie te erg verkeerd kan wees nie. Spesiaal moet die aandag gevestig word op eilandjie E. 13 (Darling) en S. 3 (Nababeep). Die gegewens vanuit Darling vertoon 'n taamlik helder beeld van Tokkelossie — maar by die Kleurlinge. Dis tog 'n aanduiding van hoe die kennis van Tokkelossie in hierdie geweste versprei word! By Nababeep staan Tokkelossie ook bekend onder 'n Hottentotse bynaam: *Heitsi-y-bee* (eintlik Heitsi-eibib, 'n god van die Hottentotte waarvan die bekendheid beperk is tot die Hottentotte van Namakwaland, volgens modelinge mededeling van Professor L. F. Maingard; vgl. ook: Theophilus Hahn: Tsuni—||Goam, Londen 1881, bls, 36 e.v.), en die taamlik volledige gewens word deur die blankes in verband gebring met goëlery — waaroor later meer.

2. *Verskillende maniere waarop die Blankes die naam Tokkelossie uitspreek.*

Heelwat lig op die verspreiding van Tokkelossie word gewerp deur die wyse waarop die blankes die naam uitspreek. 'n Paar groepe verskynsels in die uitspraak hang ten duidelikste saam met die Bantoe-uitspraak van die figuurtjie se naam.


Tokkelossie: Kaart nr. 3 Uitspraak
Marchand - Moorreesburg - Humansdorp Lyn
Uitspraak [tʼikɔlɔ:ʃɛ] (x)
Uitspraak [tɔkɔlɔ:ʃɛ] (⊙)
Uitspraak v. Inboorlinge
Soeloe: [utɔkɔlɔ:ʃɛ]
Swasie: [tɔkɔlɔʃɛ]
Sepedie: [tɔgɔlɔ:ʃɛ] (N.O. Tvl.)
Sesotoe: [tʰɔgɔlɔ:ʃɛ]
Setsjoeana: [tʰɔgɔlɔ:si]
Xosa: [tikɔlɔ:ʃɛ; tɔkɔlɔ:tʃɛ]

Uit gegewens wat Professor C. M. Doke aan my verstrek het, kon ek die volgende maniere van uitspraak vasstel (sien kaart nr. 3): [ʃ=sj]

| | |
|---|---|
| Zoeloe: | utɔkɔlɔ:ʃɛ |
| Swazi: | tɔkɔɬɔ:ʃɛ |
| Pedi (N.O.-Tvl.): | tɔgɔɬɔ:ʃi |
| Sotho: | tʰɔgɔlɔ:ʃɛ |
| Tsjoeana: | tʰɔgɔlɔ:si |
| Xhosa: | tikɔɬɔ:ʃɛ |
| | tɔkɔlɔ:tʃɛ |

Hieruit blyk:

(1) dat die laaste o in Tokkelossie deur die inboorlinge deurgaans uitgespreek word as lang ö [ɔ:];


dat die *s* deur die inboorlinge in die noorde, ooste, en suide deurgaans uitgespreek word as sj; in die noordweste (Betsjoeanaland) is die uitspraak egter *s;*

(3) dat die eerste o as *i* voorkom (Tiekelos) slegs in die gebied van die Xosas (Transkei).

Vergelyk ons nou die Afrikaanse maniere van uitspraak met hierdie algemene indeling, dan kom ons tot die volgende slotsom:

(1) die algemene vorms: *tokkelossie* (*tokkelos*) en *tokkelôsie* (*tokkelôs*) wat ons bykans deurgaans en deureengestrengel aantref in die Vrystaat, Transvaal, Natal, in Kaapland om Kakamas en in die Oostelike Provinsie in die gebiede wat aan die Transkei grens, is die naaste aan die Bantoe vorm.

Die vorm *tokkelosie* (*tokkeloos*) lyk my, wat die uitspraak oo betref, die swakste benadering van die kant van die blankes. Geografies tref ons dit sporadies versprei aan oor ons hele spraakgebied, maar eienaardig genoeg kry ons 'n besondere konsentrasie van hierdie vorm in die suidelike gedeelte van Kaapland. Hierdie verskynsel het ek toe gaan vergelyk met die reeds genoemde ***Marchand-***


S
T
U
V
W
K
O
E
F
G
H
B
C
TOKKELOSSIE = Kaart nr. 2 = UITSPRAAK
---- Marchand-Moorreesburg-Humansdorp Lyn.
⊗ Uitspraak: tɔkəlo:si (tokkelosie)
tɔkəlo:s (tokkeloos) {o:}

*Moorreesburg-Humansdorp* lyn (d.w.s. die gebied waar Tokkelossie redelik goed bekend is onder die blankes), en die resultaat — soos blyk uit *kaart nr.* 2 — toon 'n verrassende konsentrasie van die oo-gebied juis in die gebied ten weste en suid-weste van bogenoemde lyn, d.w.s. in dié gebied waar die beeld van Tokkelossie slegs erg vaag aangetref word by die blankes. Die uitspraak *tokkelossie-tokkelôsie* word hier bykans net so dikwels aangetref, maar dit lyk my tog dat daar duidelik 'n verband aan te toon val tussen die graad van die blankes se kennis van Tokkelossie en hulle uitspraak van sy naam — tensy daar 'n verband aan te toon val met die geografiese verspreiding van die vorms *more-môre*, iets wat helaas nog op 'n ondersoek wag.

Tot 'n mate versterk die beeld van *kaart nr.* 2 die waarskynlikheid dat ons grenslyne op *kaart nr.* 1 tot 'n taamlike mate by benadering die werklikheid openbaar.

Verder: die feit dat die uitspraak *tokkelosie*(*-loos*) hier en daar ook in die noordeliker provinsies voorkom, moet ons dan beskou as 'n versterkende oorweging dat Tokkelossie nog nie orals — selfs ook nie dig by die naturellegebiede — ingeburger of ewe sterk ingeburger is by die blankes nie. Die besondere gevalle van wisselwerking tref ons dus op die huidige tydstip nog in volle swang aan: op sommige plekke is die uitwisseling reeds voltrek, terwyl dit op ander plekke nog nie eers 'n aanvang geneem het nie, en ook nie orals teen dieselfde snelheid plaasvind nie. Ten opsigte van die vorms tokkel*os* en tokkel*ossie* is daar, wat die finale klinker (ie) betref, twee moontlikhede. In die Bantoe vorm tɔkɔlɔ:ʃɛ is die [ɛ] só swak beklem dat die blankes, by gebrek aan die nodige oefening, dit gewoonlik nie hoor nie; hulle sal dan die vorm *tokkelos* oorneem en dan later 'n verkleiningsvorm *tokkelossie* daaruit aflei volgens die gewone taalgebruik, miskien met behulp van die Afrikaanssprekende Bantoes en na aanleiding van die gestaltetjie se persoon. Uit die gegewens wat tot my beskikking staan, is die historiese ver-

loop in hierdie geval egter nie meer te agterhaal nie, want die vorms met en die vorms sonder verkleiningsuitgang kom met die grootste mate van verwarring naasmekaar voor, alhoewel daar 'n enkele beriggewer melding van gemaak het dat die vorm sonder verkleiningsuitgang die uitspraak van die inboorlinge voorstel, en die vorm met die verkleining die uitspraak van die blankes.

(2) *s* word deur die blankes as *sj* [ʃ] uitgespreek op 21 plekke wat almal ten ooste lê van 'n lyn wat deur die Oostelike Provinsie loop, noordwaarts ongeveer deur die middel van die Vrystaat en die Transvaal. Ten weste van daardie streep (Waterword-H. 12, Steynsburg-O.4, Cecilia-X.18, Heidelberg, Tvl.-Ff.29, Krugersdorp-Ee.51, Pretoria-Mm.4, Rooibosbult-Ll.41, Sentrum-Oo.1) (*kaart nr.* 3) kom geen geval van *sj*-uitspraak voor nie. Hier is dus weer duidelik 'n verband aan te toon met die Bantoe vorms.

(3) Die vorm *tiekelos* (met *i* in die eerste lettergreep i.p.v. o — kort —) kom dertien keer voor by blankes, waarvan drie gevalle heeltemal los staan (Diepgat-A.6, Krugersdorp-Ee.51, Cecilia-X.18). Tien gevalle staan egter duidelik in verband met die Xosa-vorm in die Transkei, en hulle word almal omsluit deur 'n lyn Misgund-Oos (G.8)-Waterford (H.12)-Steynsburg (O.4)-Smithfield (P.19)-Indwe (P.10)-Queenstown (P. 1a)-Cathcart (I.10)-Stutterheim (I.8)-Peddie (I.3).

Eienaardig genoeg kom die vorms met *sj* en *i* in die eerste lettergreep nie voor in dié gebied wat die verste verwyder lê van die Bantoegebiede nie, en dat juis die *-oos, -osie* vorms dáár die sterkste saamgetrek is.

Wat die uitspraak betref dien die aandag nog gevestig te word op die volgende: *takkelosie, takkalosie* tref ons aan op vier plekke, Krakeelrivier (G. 10), Joubertina (G. 11), Milton (H. 4), en Grootdrink (U.10).

*Tiekelos* het by Misgund-Oos (G.8) oorgegaan tot *Tikhorlosie*!

*Tokkolois* vind ons by Zeerust (L1.3), en *Tjokkelos*—'n poging om die geaspireerde th uit te spreek? — By Helvetia-Noord (Nn.5).

3. *Liggaamsbou en Voorkoms.*

Die kort, harige, swart mannetjie (titelplaat) van die Bantoes is nagenoeg oor die hele gebied bekend by die blankes. Voordat ons oorgaan tot die aanduiding van meer besonderhede, moet vermeld word dat Tokkelossie gestalteloos geword het of as denkbeeldige figuur beskou word of so vervaag het dat geen duidelike beskrywing van hom gemaak kan word nie juis weer in dié gebied in die weste en suide van Kaapland waar Tokkelossie nie besonder sterk deurgedring het nie. Dit is veral die geval in die eintlike Boland en in die omgewing van Mosselbaai, George, Oudtshoorn, en Humansdorp—'n versterking dus van die beelde van die kaarte.

Om nou in besonderhede te tree. Onvervaag leef Tokkelossie by die blankes voort as 'n figuurtjie met die volgende voorkoms: 'n dwergagtige wesentjie; tussen 1½ en 3 voet hoog; 'n klein kaffetjie of klonkie; hy is gewoonlik swart van kleur, maar kan ook wees: vaal, blou, rooierig, liggeel, grys, of swart met wit strepe.

Maar van plek tot plek wissel die hoeveelheid besonderhede wat verstrek word, af. Die volgende eienskappe is lank nie algemeen bekend nie, maar hulle kom tog dikwels voor: Tokkelossie is gewoonlik harig, maar hy kan ook glad en half harig wees; sy kophare kan ook geel wees en so lank dat hulle op sy voete hang, of hy is 'n korrelkop, of sy hare is grys van ouderdom; hy het dikwels ook 'n baardjie. Hy kan ook een of twee horings hê op sy kop en 'n mus of 'n hoed wat van riet gevleg is waardeur diehorings steek. Sy kop kan groot wees, rond, swart, en hy dra soms 'n bossie of 'n graspol of rietpol daarop. Sy gesig lyk soms wreedaardig, „lelik soos die nag," met hol wange, 'n knopneus, dik lippe, 'n lang kin wat na boontoe staan, 'n groot en rooi bek met groot, lang (geel) tande;

rooi, groot, of klein, ronde ogies waaruit vuur spuit, of hy het een oog in die middel van sy voorkop, en as sy oë swak is, gebruik hy twee riete as verkyker. Sy gesig kan ook bedek wees met hare. Dikwels is sy ore geweldig groot, en 'n enkele keer is daar groot ringe in. Sy nek is dik en sterk en sy rug kan ook geboggel wees.

Sy arms kan lank wees, of kort, met dik spiere aan die bo en onderarm; die hande is harig, klein of groot, maer, met besonder lang vingers en naels en lyk soos kloue; hy loop ook hande-viervoet.

Sy lyf is kort, knopperig, geset, en hy het 'n boepmagie. Sy bene is krom, stewig, en sy voete klein of groot, met groot of skewe tone; hy kan ook perde of bokpote hê, en selfs sès pote (na die geaardheid van 'n spinnekop of toktokkie).

Soms het hy 'n stert soos 'n hond, soos 'n bees, en soms is hy stompstert.

Gewoonlik is Tokkelossie kaal, maar hy kan ook half kaal wees, met vrouensklere aan, of met 'n wit rok, wit sokkies en swart skoentjies, of met 'n kort baadjie en 'n lang broekie aan, of 'n deurskynende mantel om, of met 'n wit kombersie („lapaai"). Gewoonlik het hy 'n bondel en 'n kierie, en soms 'n pyl en boog, skoffelpik, handbyltjie, of 'n rietpyp.

Dit is hierdie Tokkelossie, die Bantoe-Tokkelossie, wat oorwegend bekend is by die blankes. Maar Tokkelossie kan ook anders lyk by die blankes, met 'n voorkoms wat ten nouste saamhang met ons eie kabouters — 'n aansluiting dus by die volksgeloof van die blankes, waarop ons naderhand terugkom in hoofstuk III, by wisselwerkinge.

Tokkelossie kan soms ook half-mens, half-dier wees: bobbejaan, vis, waterslang. Ook volledig dier: vark, kalkoen, hond, kat, bobbejaan, orang-oetang, meerkat, skilpad (volgens die beskrywing word eerder die itermagô bedoel), haas, jakkals; of 'n insek; sandgogga (mierleeu?), spinnekop (met baie meer pote), toktokkie. Dit hang saam met Tokkelossie se vermoë om van gedaante te verwissel,

en by die blankes is dit 'n teken van goëlery (heksery), waaroor naderhand meer.

Tokkelossie van die blankes, soos hierbo beskryf, is dus ten duidelikste verbonde met die figuurtjie van die Bantoekultuur. Waar die blankes soms skynbaar meer besonderhede verskaf, is die aanknopingspunte tog aanwesig in die oorlewering van die Bantoes.

Die volgende byname wat die blankes aan Tokkelossie gee, hou verband met sy voorkoms (gestalte, kleredrag, ens.): Swartmannetjie, Vaaljassie, Spokie, Kleinmensie, Kabasie („Kinderlatyn" vir Basie? met die voorvoegsel ka-, b.v.: hasie, kabasie, kerikstikstasie — en dus 'n verwysing na die kleinheid van sy persoon?), Langarmmens, Waterbobbejaan, Orie-oetang (Orang . .) (sommige meen dat *Tokkelossie* die kaffernaam is vir Orang-oetang), Koedoekoei, Beerleeu (Bermolli-V.2; in Boshof, O.V.S., is 'n *Weerleeu* bekend wat lyk soos 'n hiëna — dus 'n analogievorming met *weerwolf?*), Moesie ('n gestalte uit die kinderkamer met 'n gesig wat uitloop op 'n knopneus wat soos 'n moesie lyk), Goggajuer(?), en Itermaê(?).

4. *Geslag, Woning en Voedsel.*

Die blanke Tokkelossie is wel oorwegend manlik, maar vroulike Tokkelossies is ook bekend.

Ook by die blankes woon Tokkelossie in die rivier, in diep kuile, rietvleie, bosse, berge, klowe, grotte.

By die blankes word opvallend minder aandag bestee aan Tokkelossie se kos, maar ook hier is bekend dat hy nie van sout hou nie, en dat hy rou vleis eet.

Die duidelikste verband met Tikoloshe van die Bantoes neem ons dus waar by die beskrywing van die geslag en die woonplekke. By die voedsel tree 'n merkbare vervaging voor die dag.

Die volgende byname verwys na sy woning: Bergmannetjie, Tuinman (hy hou ook graag by die bome met vroeëperskes in die tuin — 'n kinderskrik dus), Alleenloper (gewoonlik eensaam in die

veld), en dan word soms vertel dat Tokkelossie net 'n ander naam is vir die Watermeid.

5. *Dade.*

Een van die opvallendste dade van die Bantoe Tikoloshe het by die Tokkelossie van die blankes heeltemal verdwyn, nl. geslagsverkeer met die vroulike geslag. Hier en daar kom nog blankes voor wat berig dat Tokkelossie verkeer het met die meide, dat die meide besonder veel van hom hou omrede die ongekende mate van bevrediging wat hy aan hulle besorg, maar daar is geen blanke persoon wat glo dat Tokkelossie verkeer het met blanke vrouens nie! Om dit te verklaar, kan mens dink aan die Afrikaner se ingewortelde gevoel teen bloedvermenging, want immers: Tokkelossie word nagenoeg orals beskryf as 'n harige dwergkaffertjie. Wesenliker is egter dat die houding teenoor die vrou en teenoor seksuele sake in die blanke gemeenskap hemelsbreed verskil van die gangbare opvattings in die inboorlinggemeenskap. Hierdie omstandigheid het waarskynlik meer as iets anders daartoe bygedra dat die opvallendste kenmerk van die Bantoe Tikoloshe by die blankes verlore geraak of heeltemal vervaag het.

Hiermee gaan ook gepaard dat die besonder lang roede van die Bantoe Tikoloshe by die blankes veelal verdwyn het. Dit kom nog voor, wel seker, maar dit is op verre na nie so'n onmisbare kenmerk van die blanke Tokkelossie nie.

Daarteenoor staan dat een van die groepe verskynsels wat deur die Bantoes aan Tikoloshe toegeskryf word, by die Tokkelossie van die blankes uitgegroei het tot hoofkenmerk. By die Bantoes heers die opvatting dat Tikoloshe onsigbaar is, en juis daardeur 'n besonder geskikte boodskapper is van die towenaars en hekse — wie se eiendom hy dan ook gewoonlik is. In sy onsigbaarheid kan hy volgens die Bantoes allerlei dinge aanvang: gif gooi in persone se kos, hulle slaan met 'n riet, persone verwurg in hulle slaap, sy slagoffers knyp,

met klippe gooi, ja, enige onverklaarbare voorval word aan Tikoloshe toegeskryf.

By die blankes staan Tokkelossie besonder sterk in verband met goëlery en alles wat daarmee saamhang in die gees van die blankes. Deur beriggewers word die volgende gevalle toegeskryf aan die optrede van Tokkelossie: Op een van die plase word saans 'n vark in die populierbos aangetref. As mens dit wil doodmaak, word dit kleiner en kleiner, verander in 'n slang en verdwyn. Op 'n ander plaas het 'n boer sy werkvolk te min kos gegee met die gevolg dat met etenstye 'n groot kat verskyn het wat 'n stuk vleis van die tafel af wegdra. In 'n derde geval het 'n witman beslag gelê op 'n kaffer se beeste om laasgenoemde se skuld daarmee te dek. Saans het 'n wit os tussen die boer se beeste verskyn en hulle gestoot. In 'n ander geval het 'n kaffer 'n pak slae gekry van 'n boer. Daarna word die boer se plaas skemeraand deur 'n groot swart hond besoek wat met die plaashonde baklei. Een aand skiet die boer na die hond, tref hom, en vind toe uit dat dit die kaffer is wat die pak slae gekry het. So kan Tokkelossie nog die gedaante aanneem van 'n kalkoen, 'n voël, en 'n bobbejaan. Hierdie gedaanteverwisseling hang eng saam met die Germaanse heksegeloof en heksepraktyke en ons merk hier 'n besonder intieme aanraking tussen die volksgeloof van blankes en swartes (vgl. Coetzee: *Die Afrikaanse Volksgeloof*, 147 en volg).

Aan Tokkelossie word die volgende voorvalle en handelinge toegeskryf: hy steel kos, vee, en vrugte; hy laat mens verdwaal; hy trek mens in die water; hy maak vuur rondom jou; hy maak seer, maak siek, maak dood en verwurg; hy suip bokke en beeste uit; hy ry op varke en bobbejane, en het op een plaas al 'n bokram doodgery; hy karnuffel die klein kindertjies (vir wie hy sigbaar is) as hulle vir die grotes sê waar hy is; hy maak voorwerpe onsigbaar deur sy hand daaroor te hou, en sodoende terg hy die persoon wat daarna soek; hy raas heelnag soos blaffende honde om jou huis, trek kettings oor jou dak, en hou die huismense uit die slaap uit; hy gooi ruite

stukkend, gooi jou met klippe, laat klippe terugkeer wat na hom toe gegooi word, en hy klop hard aan jou vloer; hy laat tafels omkantel en hy breek borde, trek stoele rond, laat skotelgoed val, en smyt meubels rond; hy trek mens se hare, gooi sand in mens se neus as jy slaap, slaan, byt, en knyp (hy het onder 'n skooljuffrou se stoel gesit en haar geknyp terwyl sy besig was met onderwys), steek jou met 'n mes of slaan jou met 'n sambok, gryp jou en gooi jou met perd en al in die lug, en hy knoop meisies se haarvlegsels aanmekaar of aan stoele vas; hy skiet onsigbare pyle in mense se oë en maak hulle sodoende blind; hy verniel die boere se draad, laat hulle rytuie se wiele uitval, en veroorsaak hulle allerlei soorte ongerief; hy lê op jou in jou slaap sodat jy nie kan roer nie; hy dwing skoolkinders om lelike woorde op hulle leie te skrywe. Kortom: Tokkelossie doen „duiwelswerk," en is 'n „kombinasie van alle slegte eienskappe" (Kroonstad).

Eienaardig is dat Tokkelossie nog sy goeie hoedanigheid behou deurdat hy slegs kwaaddoeners knel en kastei, en onregte herstel; in een geval word vertel dat hy beweeg kan word om snags vir 'n mens te werk.

Tokkelossie se onsigbaarheid word toegeskryf aan 'n albaster wat hy in sy mond dra, 'n pruimpie in sy kies, 'n dosie snuif, 'n hoed wat hy voor sy gesig dra, of twee rooiwit boontjies wat hy in sy hande hou.

Die noue verband tussen Tokkelossie en die gewone goëlery merk ons ook in die afweermiddels. Jy kan jou beskerm teen Tokkelossie deur hom met kookwater of seepsodawater te gooi; dit dwing hom om sigbaar te word. Verder: gee hom 'n pak slae, slaat hom met 'n fluitjiesriet stokkie of met 'n swart lat of met 'n sweep waaraan varkspek gesmeer is; of hou 'n stukkie ongesoute varkspek of 'n varkstertjie by jou (in jou sak of skoen), smeer varkvet aan drumpels en kosyne, of dra 'n stukkie spek en 'n kloutjie van 'n vark se agterpoot om jou nek en 'n stukkie likkewaanvel om jou regterarm

of begrawe 'n varkdolos onder jou drumpel — varkspek vernietig glo die krag van die toorgoed wat Tokkelossie gebruik om hom onsigbaar te maak; brand leer (of 'n ou skoen), 'n wit kam, doepa, duiwelsdrek, of hou 'n stukkie helsteen by jou (ook die Bantoe Tikoloshe kan nie skerp geure verdra nie); dra klawervier of vyf (kaarte) by jou, of 'n gerf groen hawer; noem sy naam en spoeg dan (spoeg is 'n oorbekende afweermiddel in die towerwêreld, en dit kan by ons o.a. nog waargeneem word by kinderspel, veral by albasteren knoopspel); dra sekere soorte kruie in jou sak, of trek en drink dit soos tee; laat Tokkelossie sout kos eet; raadpleeg 'n slams, of gebruik toorgoed of doepa; skiet hom nadat 'n kind vir jou gewys het waar hy sit, maar smelt eers 'n tiekie in die geweer se loop, want die koeël of hael kan slegs tref as dit met silwer in aanraking was(!); spyker 'n hoefyster bokant jou deur vas, steek 'n skêr of skeerlemmetjie in jou deur vas, of lê twee messe oop in die venster neer met die punte na mekaar toe en die sny na boontoe en plaas 'n derde mes half-oop met die punt na boontoe op jou kamertafel (as Tokkelossie 'n sny opdoen, kan hy nie meer „tokkelossie" nie); hardloop agteruit want hy byt net jou hakskeenpese, kyk vas in sy oë dan kry hy skaam, of gooi sand in sy oë. Jy kan hom ook vang as hy by die sleutelgat inkruip, of met voëlent. Die beste beskerming teen hom is egter 'n goeie gedrag. Jy kan ook sy goedgesindheid verwerf deur saans vir hom kos en twak iewers neer te sit. En natuurlik ook die Bybel is 'n afweermiddel: slaan die Bybel oop by 'n hoofstuk waarin sprake is van towery. 'n Brandende lig is ook 'n afweermiddel.

Ook wat die afweermiddels betref, word mens getref deur 'n sonderlinge deureenmengeling van die oorlewerings van die blankes en die Bantoes.

Byname van Tokkelossie wat met hierdie aspek verband hou, is die volgende: Kloppertjie, Toormannetjie, Ou Eenoog, en Skoorbek (die legendariese grootmeester van die toorkuns onder die Afrikaners!)

En hier staan ons uiteindelik met Tokkelossie op die grens tussen die volksgeloof van die blankes en die volksgeloof van die Bantoes. Sy handelwyse en hoedanighede is hier van so'n dubbelslagtige aard dat hy ewe goed by die een groep tuisgebring kan word as by die ander bevolkingsgroep.

In die volgende hoofstuk gaan ons kennis maak met 'n Tokkelossie wat al verder en verder afdwaal van die wêreld van sy geboorte en ontstaan, om al nouer en nouer aan te sluit by die oorleweringe van die blankes, totdat hy uiteindelik net nog maar 'n „Tokkelossie" in naam is.

Eers nog 'n aantal opmerkings by *kaart nr. 4: Tokkelossie as Goëlery.* Dit blyk dat die opvatting van Tokkelossie as 'n goëlverskynsel weer ten nouste saamhang met die inboorlinggebiede en dat dit die sterkste aangetref word by die blankes in die Vrystaat, in die gebied wat grens aan die Transkei, en in die suidelike gedeelte van Kaapland. In die westelike dele van Transvaal kom dit ook nogal voor, maar in die orige gedeeltes van Transvaal vervaag hierdie eienskap heeltemal, veral rondom die myne- en nywerheidsgebiede van Suid-Transvaal en noordelik om Pretoria.

## HOOFSTUK III.

## WISSELWERKINGE.

### 1. *Kinderskrik.*

Franz Jostes het in sy *Sonnenwende* (Münster 1926) opgemerk: „Götter, die verpflanzt werden, verarten mit Notwendigkeit unter fremden Himmel" (dl. 1, 50), of: gode wat verplant word, ontaard noodwendig onder 'n vreemde hemel.

Ook met ons Tokkelossie — wat nou wel geen god is nie — gebeur dit. Tikoloshe van die Bantoes het ons leer ken as die grootste kindervriend, wat nie net graag met die klein kaffertjies speel nie, maar wat vir hulle kos steel as hulle honger is, wat hulle beskerm, en wat allerlei fratse uithaal ten koste van die volwassenes tot vermaak van die klein kaffertjies, sy vriendjies.

By die blankes kry ons heeltemal 'n ander beeld van Tokkelossie. Sporadies is daar nog beriggewers wat melding maak van Tokkelossie, die kindervriend, maar besonder oorwegend is die gevalle waar Tokkelossie bekend staan as kinderskrik. Die blankes maak gebruik van die bekende ongunstige eienskappe van Tokkelosie om hulle kinders mee in bedwang te hou, en dan vertel hulle: Tokkelossie vang mense, veral stout kinders, kinders wat leuens vertel, kinders wat oneerlik is, kinders wat saans na donker nog rondloop, kinders wat alleen in die veld of in die eensame bos ronddwaal, kinders wat by diep waterkuile speel, kinders wat nie wil gaan slaap nie.

*Kaart nr. 4*: Tokkelossie as Kinderskrik* openbaar die feit dat Tokkelossie in hierdie hoedanigheid die beste bekend is in die suidwestelike en noordwestelike gedeeltes van Kaapland, en ook be-

* Kyk agter in boek.

sonder sterk in die middelste gedeeltes van Transvaal — dus waar die aanraking met die Bantoe Tikoloshe nie so lewendig is nie.

Byname wat met hierdie aspek verband hou, is: Boekieman (Bogeyman!), Moesie, Orie-Oetang, Blinkoog, en moontlik Eenoog.

In die omgangstaal is verder ook heelwat gesegdes en uitdrukkings wat regstreeks terugwys op Tokkelossie, die kinderskrik. In talryke uitdrukkings hoor ons die dreigement opklink: *Daar kom Tokkelossie aan! Jok net, Tokkelossie kom jou vang (haal)! Tokkelossie is voor die deur! Tokkelossie sal jou ry! Ek sal laat die Tokkelossie jou ry! Tokkelossie, vang hom! Pasop vir Tokkelossie! Pasop, dis Tokkelossie se woonplek! Ek sal jou vir Tokkelossie gee! Tokkelossie sal jou braai! Hy is Tokkelossie se kind!* (stout). *Tokkelossie, hoekom maak jy my bang?*

Die vrees vir Tokkelossie vind ook uiting in rympies:

i. Tokkelossie maak vir gogga bang,
Gogga loop dat die stof so staan.

ii. Tokkelossie maak my bang,
Orang-oetang wil my vang.

iii. Tokkolosie maak my bang,
Vat aan my kind se wang.

iv. Tokkelossie maak my skrik,
Hy jaag my met 'n drietand vurk.

v. Tokkelossie maak my bang,
Hy hang aan die silwer tang.

As kindertjies hulle angs vir Tokkelossie verloor, dan tart hulle hom uit as hulle deur hulle ouers met sy verskyning bedreig word, soos op Sannieshof (Dd. 19), waar die kindertjies vra: „Hoe lyk Tokkelossie?" Dan sê die ouers: „Soos Olie-Oetang." Uit pure manhaftigheid terg die kindertjies dan: „Olie-Oetang, Draadtang, Satang!"

## 2. *Wisselinge.*

Reeds by die uiteensetting in verband met goëlery het ons gesien hoedat die wisselwerking daarop uitgeloop het dat die Tokkelossie-figuur allerlei eienskappe en voorvalle na hom toe aantrek wat wel 'n ooreenkoms vertoon met sy oorspronklike eienskappe en hoedanighede, maar wat tog oorspronklik niks met Tokkelossie te doen het nie. Ook in ander rigtings vind dit plaas.

Op sommige plekke tref ons Tokkelossie aan as 'n huilende baba wat langs die pad lê. Tel jy die baba uit jammerte op, dan verander dit in 'n nare, afskuwelike ou swart man, wat jou vasklou en jou dwing om hom rond te dra (F.22)-Matjiesfontein by Laingsburg). As dit op jou rug klim en dit klou jou vas, kan jy dit slegs met kookwater los brand (G.16-Lerouxstasie by Oudtshoorn). In Lichtenburg (Ee. 60) word vertel dat Tokkelossie op jou rug klim, dan moet jy hom dra; hoe verder jy hom dra, hoe groter word hy; as jy hom nie meer verder kan dra nie, klim hy af, looi jou goed uit met 'n kierie, en verdwyn.

Hierdie handelwyse van Tokkelossie is 'n aansluiting by die volksgeloof van die Afrikaners waar dit verband hou met watergeeste uit ons stamland, veral Osgart (Coetzee: *Die Afrikaanse Volksgeloof*, 63) en sy verwante.

Op sommige plekke (o.a. Stanford—A. 4) word Tokkelossie gewoonweg *Antjie Somers* genoem. Hier dien weer net daaraan herinner te word dat Tokkelossie elders die bynaam *Skoorbek* het.

Die handelwyse van *Kokkewiet*, die toonsnyer, word o.a. op Riversdal (B. 6) aan Tokkelossie toegeskryf, waar ook vertel word dat hy kinders wat kaalkop loop, se ore afsny.

Wat liggaamsbou en klere drag betref, is Tokkelossie op 'n hele paar plekke niks anders as die Kaboutermannetjie van die blankes nie. Op Matjiesvlei (Calitzdorp, F. 16) word Tokkelossie beskryf as 'n kort mannetjie met 'n kort baadjie en 'n lang broek; op Kanoneiland, Kakamas (U. 6) is Tokkelossie se bynaam *Kaboutertjie*:

en dit word vertel dat sy snags kom en werk verrig vir die mense terwyl hy as volg gekleed is: 'n puntpet, omkrulskoene, en hy het 'n groot krom neus. Op Marquard (X. 19) het hy 'n bokbaardjie, 'n boeppensie, en 'n lang skerp hoedjie op sy kop. Op Bethlehem (Y. 13) word hy beskryf as 'n kort mannetjie met 'n broek aan, 'n rooi manel, en 'n tuithoed op sy kop.

Maar ook besonderhede wat deur die blankes aan Tokkelossie toegeskryf word, kon oorspronklik geen verband hou met hom nie. Hier is 'n paar sprekende voorbeelde: Tokkelossie is bang vir water — soos 'n goeie Afrikaanse spook (!); as Tokkelossie swart is, is hy gevaarlik, maar as hy wit is, kan jy dit waag om met hom te praat (eweneens 'n eienskap van ons spoke); persone wat met die helm gebore is, kan hom sien, en as jy oor so'n persoon se skouer kyk, kan jy dit ook sien (eienskap van spoke); hy word by kruispaaie aangetref (spoke en die duiwel); as die honde huil, is dit Tokkelossie se aand (spoke); Tokkelossie woon in die groot staanhorlosies (Klaasvaak, Kabouters); as 'n hen 'n klein eiertjie lê, broei daar 'n Tokkelossie uit en as hy jou eerste sien, sterf jy en andersom (die baselisk).

Die verste weg van die Tikoloshe van die Bantoes staan dié gevalle waar verskynsels en figure met Tokkelossie in verband gebring word op grond van klankassosiasies, byvoorbeeld, op een plek word die insek *toktokkie* beskou as Tokkelossie; op 'n ander plek word die kwajongstreek — tiektok-speel — *tokkelossie* genoem sonder om aan 'n figuur of 'n bygeloof te dink; en op een plek (Niekershoop) sê die mense: *Tokkelosse*, dis mos teologiese studente (*tokkelokke*)!

### 3. *Taal en Volkslied.*

Daar bly nog oor om aan te toon watter neerslae Tokkelossie gelaat het in ons spreek- en skryftaal en in ons volksliedjies (om nie melding te maak van gedigte van Van den Heever en Visser nie).

Op die een aspek van die spreektaal, nl. die byname van Tokkelossie, het ons reeds by verskillende geleenthede gewys, asook die verspreiding en die uitspraak van die benaming *Tokkelossie* self. Hierby hoort natuurlik ook die rympies en gesegdes wat verband hou met Tokkelossie, die kinderskrik.

In die spreektaal bestaan verder 'n hele aantal vergelykings wat berus op eienskappe van Tokkelossie:

*so swart soos Tokkelossie;*
*hy verdwyn soos 'n Tokkelossie;*
*hy sny (tone af) soos 'n Tokkelossie;*
*net so groot soos 'n Tokkelossie;*
*hy is 'n ware Tokkelossie* (skreeu lelik);
*hy dra Tokkelossie* (het 'n geheimsinnige krag);
*hy is 'n Tokkelossie* (loop in nat weer en in lang gras);

*Tokkelossie* word soms aangewend as bynaam vir blanke kinders (seuns en dogters), en wel as volg: in Dewetsdorp word krulkop en verwaarloosde kinders *tokkelos* genoem, terwyl van kort geboude seuns met 'n vaste stap gesê word: hy stap soos 'n Tokkelossie; op Cyferbult (Rustenburg) kry klein geboude persone die bynaam *Kaboutermannetjie*, maar hier is *Kaboutermannetjie* die bynaam van Tokkelossie! In Lichtenburg word persone wat baie grappig, spelerig en vol kwajongstreke is soms *Tokkelossie* genoem; naby Standerton word Tokkelossie as troetelwoordjie gebruik vir persone van die vroulike geslag wat innemend, sag, vriendelik, „lieflik en liefkosend" is; uit Heidelberg, Tvl., word berig dat „'n gewone kaffer wat baie verflenterd is, is 'n *Tokkelosh"*; „as 'n babie baie tingerag (klein) is dan word gesê dis 'n *tokkollois"* (digby Zeerust).

In die volksgeloof van die blankes het Tokkelossie se seksuele bedrywighede so te sê heeltemal verdwyn. In die spreektaal het tog spore oorgebly van Tokkelossie se seksuele kenmerke. Uit Pretoria berig 'n skoolseun dat die uitdrukking gebruik word: *„Jou Tokkelossie hang uit."* By navraag het verder geblyk dat *tokkelos* die gewone

volkswoord (in hierdie geval eufemisties) is vir die roede minstens in die omgewing van Jagersfontein, O.V.S., en op plekke in Oos Transvaal. Vae sinspelings op Tokkelossie se seksuele bedrywighede is miskien die volgende:

Tokkelossie, waarom trou jy nie?

Skilpad sê hy wil nie (Bonnievale by Swellendam). Van die tweede reeltjie bestaan twee variante:

(1) Seker omdat jy nie kan vrou kry nie (Bermolli by Postmasburg);

(2) Agge nee my ma, ek kan nie vrou kry nie (Bynespoort by Pretoria).

Miskien is ook die volgende 'n verwysing na die saak:

(1) Tokkelossie ruik na gom,
Die mense weet waarom (Skietkolk by Carnarvon);

(2) Die Tokkelossie dra 'n klos
En twee bosse mos (Potchefstroom).

In Morgenzon, Transvaal, word die volgende liedjie gesing, sonder enige toespeling op seksuele bedrywighede:

s s s m r d s,
Bobbejaan tien toon my ma,
s s s m r d l
Bobbejaan tien toon my ma,
l l l f m r t
Bobbejaan tien toon my ma,
t l s, s, l t d
Tokkelo-si maak my bang.

Die volgende uitdrukkings kan ek gladnie verklaar nie:

1. Tokkelossie, Tokkelossie hoe voel jou boude nou?
2. Tokkelossie, waar gaan jy heen?
   Gaan jy weer na my pa se skoorsteen? (Riveryno, Stutterheim).

Maar ook in die skryftaal, in die taalgebruik van blanke Afrikaanssprekendes het Tokkelossie deurgedring. Sonder om opsetlik daarna te soek, het ek met die verloop van tyd twee voorbeelde opgeteken. In 'n subartikel van *Die Vaderland*, 15.8.40, staan: „daar hoef nie gesoek te word na 'n *tokkelossie* (ek kurs.) wat nou in die gedaante van 'n vyfde kolonne sou verrys het nie" (Tokkelossie=skrikbeeld). Die tweede voorbeeld is uit die toneelstuk van Uys Krige: *Magdalena Retief*. Op bls. 40 laat hy 'n Bataafse slavin, Mina, van ongeveer 33 jaar oud in omstreeks 1813 die volgende woorde gebruik: „Ekskuus, my baas . . . Nooi Lenie, klein Bêrendjie het begin kerm in sy wieg in die kombuis, en ek kan hom nie stil kry nie . . . Hy lyk so verdrietig . . . Ek weet nie wat my arme ou *tokkelossie* (ek kurs.) makeer nie . . ." (tokkelossie=troetelwoordjie). Na aanleiding hiervan sal ons die vraag onder die oë moet sien wanneer Tokkelossie die blanke volksgeloof binnegedring het.

## HOOFSTUK IV.

## SLOTSOM.

Ek glo dat ek na die voorgaande geregtig is om nou die gevolgtrekking te maak dat Tokkelossie reeds die kultuurkring van die Afrikaanssprekendes binnegedring het vanuit die kultuurkring van die Bantoes.

Dat die binnedringing reeds ver gevorder het en aansienlike afmetings aangeneem het, word nie net bewys deur die gestalte wat Tokkelossie aanneem in die Afrikaanse volksgeloof nie, maar ook deur die wyse waarop dit reeds die spreektaal, die volksliedjie en die skryftaal (hoewel aansienlik minder) binnegedring het.

Daarteenoor staan egter ook dat die kaarte aantoon dat Tokkelossie nie net in sommige streke nog heeltemal onbekend is nie, maar ook dat die proses van uitwisseling oor die hele kultuurgebied nog nie afgeloop het nie, alhoewel die wisselwerking op sommige punte haas voltooi is, terwyl dit op ander punte nog maar skaars 'n aanvang geneem het.

So kom ons tenslotte by die vraag: Wanneer het Tokkelossie die Afrikaanse kultuurwêreld begin binnedring? Historiese bewyse sal moeilik te verkry wees, maar ek glo tog dat ons mnr. C. W. Prinsloo gelyk kan gee waar hy redeneer (in: *Voortrekker-Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria,* 1938, bls. 193-4) dat daar nog geen geleentheid tot inwerking was tydens die Groot Trek nie; die aanraking met die Bantoes op die oosgrens van Kaapland en later in die binneland was baie, baie jare vyandig van aard, dus afwysend wat kulturele beïnvloeding betref. Maar, my gegewens oor Tokkelossie soos hierbo verwerk, is myns insiens voldoende om te

bewys dat so'n bewering van Prinsloo: „Die Voortrekker se naturellebeleid, sy lewensbeskouing, sy eie bestaan en sy godsdiens *het nooit 'n gaping gelaat waardeur Bantoe-kultuur kon inwerk nie"* (ek kurs., t.a.p.), berus op 'n misvatting van hoe leengoed ontstaan, van die aard van wisselwerking tussen kulture (sien my bespreking in *Die Brandwag* 8.12.39).

Gunstige toestande vir beïnvloeding vanuit die Bantoekultuur kom eers tot stand in die tweede helfte van die neentiende eeu. Twee positiewe aanduidings ten opsigte van Tokkelossie is die volgende: uit Eerste Fabrieke, Pretoria word berig dat Tokkelossie al die laaste sestig jaar bekend is. Dit bring ons by ongeveer 1880. Uit Argentinië berig mej. Anita Treurnicht dat Tokkelossie volop bekend is by die trekboer daar. Ongelukkig kon ek nog geen besonderhede van haar bekom nie. Dit bring ons in ieder geval tot by die uitgang van die neentiende eeu. Ons kan dan besluit dat Uys Krige waarskynlik ten onregte in 1813 al die woord *tokkelossie* (in die betekenis van 'n troetelwoord soos dit voorkom in die Vrystaat — berig deur mev. Krige, op navraag by Uys Krige) lê in die mond van Mina, die Bataafse slavin.

Met Tokkelossie het ons dan 'n geval van ontlening wat nog aan die gang is, 'n geval waar die uitwisseling en aanpassing, vervorming en vergroeiing onder „vreemde kultuurhemel" nog nie afgeloop het nie, 'n geval waar die sogenoemde wisselwerking tussen kulture in verskillende stadiums van die proses nog in die lewe waar te neem val.

Juis hierdie wisselwerking is een van die belangwekkendste verskynsels in die kultuurgeskiedenis, en in ons stamlande is daar talle vraagstukke uit die gryse verlede wat die navorser se pad versper juis omdat die volle lig nie meer kan val op die swerftogte van kultuurgoed nie. So is daar byvoorbeeld talle probleme wat verband hou met die Egiptiese Horus, met die Indo-Europese Zeus, Jupiter, met Wodan en ander gode wat op verskillende plekke en in ver-

skillende tydperke ander eienskappe en hoedanighede vertoon.

Die bontheid van ons land se bevolking veroorsaak allerlei strominge, en ek wil vertrou dat hierdie beskeie studie in breër kringe belangstelling sal wek in die grondslae en bestanddele van die Afrikaanse Kultuur.

# AANHANGSEL.

Hieronder volg 'n lys name van plekke vanwaar beriggewers ingevulde vraaglyste aan my teruggestuur het. Die lys is so ingerig dat die alfabetiese nommers (A. 1, B. 10 ens.) die plekke op die bygaande sleutelkaart* aantoon: in die tweede kolom word die naam van die plek self aangegee, in die derde kolom die naam van die distrik en provinsie (K=Kaapland, O=Vrystaat, T=Transvaal, N=Natal en Zoeloeland, B=Basotoeland, S=Swaziland) waarin die besondere plek geleë is, en in die laaste kolom die aantal lyste wat werklik van elke plek ontvang is. Hierby dien onthou te word dat waar meer as ses lyste by een plek aangedui word, beteken dit dat die hoof/hoofde van die skool/skole meegewerk het met die verspreiding van lyste.

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| A. 1 | Viljoenshof | Bredasdorp | K. | 1 |
| 2 | Strandskloof | ,, | | 1 |
| 3 | Gansbaai | Caledon | K. | 1 |
| 4 | Stanford | ,, | | 1 |
| 5 | Hermanus | ,, | | 1 |
| 6 | Diepgat | ,, | | 1 |
| 7 | Mission | ,, | | 1 |
| 8 | Caledon | ,, | | 1 |
| 9 | Riviersonderend | ,, | | 1 |
| 10 | Strand | Somerset-Oos | K. | 1 |

* Kyk agter in boek.

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 11 | Eerste Hoop | Caledon | K. | 1 |
| 12 | Greyton | ,, | | 1 |
| B. 1 | Bredasdorp | Bredasdorp | K. | 5 |
| 2 | Voorhuis | Swellendam | K. | 1 |
| 3 | Swellendam | ,, | | 4 |
| 4 | Heidelberg | Riversdal | K. | 3 |
| 5 | Krombek | ,, | | 1 |
| 6 | Riversdal | ,, | | 4 |
| 7 | Soebattersvlakte | ,, | | 1 |
| 8 | Riethuis | ,, | | 1 |
| 9 | Blombos (ch) | ,, | | 2 |
| 10 | Melkhoutkraal | ,, | | 1 |
| 11 | Johnsonspos | Mosselbaai | K. | 1 |
| 12 | Albertinia | Riversdal | K. | 2 |
| 13 | Valsrivierskool | ,, | | 1 |
| C. 1 | Mosselbaai | Mosselbaai | K. | 2 |
| 2 | Groot Brakrivier | George | K. | 1 |
| 3 | Knysna | Knysna | K. | 1 |
| D. 1 | Humansdorp | Humansdorp | K. | 1 |
| E. 1 | Kaap, Maitland, Rondebosch | Kaap | | 3 |
| 2 | Kuilsrivier | Belville | K. | 1 |
| 3 | Durbanville | ,, | | 1 |
| 4 | Paarl | Paarl | K. | 1 |
| 5 | Daljosaphat | ,, | | 1 |
| 6 | Worcester | Worcester | K. | 2 |
| 7 | Koo | Montague | K. | 1 |
| 8 | Robertson | Robertson | K. | 3 |
| 9 | Ceres | Ceres | K. | 3 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 10 | Prins Alfred's Hamlet | Ceres | | 1 |
| 12 | Melkbosstrand | Belville | K. | 1 |
| 13 | Darling | Malmesbury | K. | 1 |
| 14 | Ruststasie | ,, | | 1 |
| 15 | Kleindrif | ,, | | 1 |
| 16 | Moorreesburg | ,, | | 2 |
| 17 | Halfmanshof | Piketberg | K. | 1 |
| 18 | Porterville | Ladismith | K. | 1 |
| 20 | Koringberg | Malmesbury | K. | 2 |
| 21 | Hopefield | ,, | | 1 |
| 22 | Vredenburg | ,, | | 1 |
| 22a | Saldanha | ,, | | 1 |
| 23 | Februarieskraal | Piketberg | K. | 1 |
| 24 | Sauer | ,, | | 2 |
| 25 | Aurora | ,, | | 1 |
| 26 | Velddrift | ,, | | 3 |
| 27 | Goergap | ,, | | 1 |
| 28 | Het Kruis | ,, | | 1 |
| 29 | Citrusdal | Clanwilliam | K. | 1 |
| 30 | Paleisheuwel | ,, | — | 1 |
| 31 | Redelinghuis | Piketberg | K. | 2 |
| 32 | Sandbergstasie | Clanwilliam | K. | 1 |
| 33 | Graafwater | ,, | | 3 |
| 34 | Clanwilliam | ,, | | 1 |
| 35 | Wupperthal | Colvinia | K. | 1 |
| 36 | Pakhuis | Clanwilliam | K. | 1 |
| 37 | Boskloof | ,, | | 1 |
| 38 | Ratelfontein | ,, | | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| F. 1 | Bonnievale | Swellendam | K. | 2 |
| 2 | Drew | ,, | | 1 |
| 3 | Zuurbraak | Riversdal | K. | 1 |
| 4 | Brandrivier | ,, | | 1 |
| 5 | Brakfontein | ,, | | 1 |
| 6 | Langverwacht | Oudtshoorn | K. | 1 |
| 7 | Van Wyksdorp | Ladismith | K. | 1 |
| 8 | Barrydale | Swellendam | K. | 1 |
| 9 | Rietrivier | Montagu | K. | 1 |
| 10 | Montagu | ,, | | 4 |
| 11 | Driefontein | Worcester | K. | 1 |
| 12 | Bloutoringhalte | Montagu | K. | 1 |
| 13 | Vyversrust | Ladismith | K. | 1 |
| 14 | Ladismith | ,, | | 5 |
| 15 | Voorbaat | ,, | | 1 |
| 16 | Opsoek | ,, | | 2 |
| 17 | Calitzdorp | Oudtshoorn | K. | 1 |
| 18 | Kraaldoorns | ,, | | 1 |
| 19 | Matjiesvlei | ,, | | 1 |
| 20 | Hoeko | Ladismith | K. | 1 |
| 21 | Laingsburg | Laingsburg | K. | 2 |
| 22 | Matjiesfontein | ,, | | 2 |
| 23 | Bo-Wadrif | Sutherland | K. | 1 |
| 24 | Sutherland | ,, | | 2 |
| 25 | Prinshof | ,, | | 1 |
| 26 | Die Dam | Fraserburg | K. | 1 |
| G. 1 | Gonnakraal | Mosselbaai | K. | 1 |
| 2 | Zebras | George | K. | 2 |
| 3 | Herold | ,, | | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 4 | Molendrift | George | | 1 |
| 5 | Buffelsdrift | ,, | | 1 |
| 6 | Keysers | Uniondale | K. | 1 |
| 7 | Vlug | ,, | | 1 |
| 8 | Misgund-Oos | ,, | | 3 |
| 9 | Opkomst | ,, | | 1 |
| 10 | Krakeelrivier | ,, | | 1 |
| 11 | Joubertina | ,, | | 1 |
| 12 | Stormrivier | Humansdorp | K. | 1 |
| 13 | Uniondale | Uniondale | K. | 1 |
| 14 | Uniondaleweg | ,, | | 1 |
| 15 | Rooirivier | ,, | | 1 |
| 16 | Le Rouxstasie | Oudtshoorn | K. | 2 |
| 17 | Hazenjacht | ,, | | 1 |
| 18 | Oudtshoorn | ,, | | 2 |
| 19 | Schoemanshoek | ,, | | 2 |
| 20 | Prins Albert | Prins Albert | K. | 1 |
| 21 | Volstruisleegte | Willowmore | K. | 1 |
| 22 | Rietbron | ,, | | 1 |
| H. 1 | Compagniedrif | Humansdorp | K. | 1 |
| 2 | Branderkraal | ,, | | 1 |
| 3 | Kareedouw | ,, | | 1 |
| 4 | Milton | ,, | | 1 |
| 5 | Kleinrivier | ,, | | 1 |
| 6 | Uitenhage | Uitenhage | K. | 1 |
| 6a | Sandflats | Port-Elizabeth | K. | 1 |
| 7 | Combrink | Humansdorp | K. | 1 |
| 8 | Wilgerhof | Steytlerville | K. | 1 |
| 9 | Steytlerville | ,, | | 16 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 11 | Kleinpoort | Uitenhage | K. | 2 |
| 12 | Waterford | Somerset-Oos | K. | 2 |
| 13 | Mount Stewart | Steytlerville | K. | 1 |
| 14 | Jansenville | Jansenville | K. | 2 |
| 16 | Middleton | Somerset-Oos | K. | 1 |
| 17 | Klipfontein | ,, | | 1 |
| 18 | Mortimer | Cradock | K. | 1 |
| 19 | Garstlands | ,, | | 2 |
| 20 | Cradock | ,, | | 1 |
| I. 1 | Zuney | Alexandria | K. | 1 |
| 2 | Landhoek | Albany | K. | 1 |
| 3 | Peddie | Peddie | K. | 1 |
| 4 | Oos-Londen | Oos-Londen | K. | 1 |
| 5 | Ellispost | ,, | | 1 |
| 6 | Berlin (Ntabozuko) | Kingwilliamstown | K. | 1 |
| 7 | Kingwilliamstown | ,, | | 1 |
| 8 | Stutterheim | Stutterheim | K. | 1 |
| 9 | Emgwati | ,, | | 1 |
| 10 | Cathcart | Cathcart | K. | 1 |
| K. 1 | Nariep | Namakwaland | K. | 1 |
| 2 | Gariep | ,, | | 1 |
| 3 | Kamieskroon | ,, | | 1 |
| 4 | Soebattersfontein | ,, | | 1 |
| L. 1 | Heerenlogement | Van Rhynsdorp | K. | 1 |
| 2 | Springdrift | ,, | | 1 |
| 3 | Klaver | ,, | | 1 |
| 4 | Vredendal | ,, | | 2 |
| 5 | Van Rhynsdorp | ,, | | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 6 | Nieuwoudtville | Calvinia | K. | 1 |
| 7 | Calvinia | ,, | | 1 |
| 8 | Groot Toren | ,, | | 1 |
| 9 | Klipwerf | ,, | | 1 |
| 10 | Bitterfontein | Van Rhynsdorp | K. | 2 |
| M. 1 | Frasersburg | Fraserburg | K. | 1 |
| 2 | Matjiesvlei | Calvinia | K. | 1 |
| 3 | Skietkolk | Carnarvon | K. | 1 |
| N. 1 | Victoria-Wes | Victoria-Wes | K. | 1 |
| 2 | Loxton | ,, | | 1 |
| O. 1 | Mossiesdal | Middelburg | K. | 1 |
| 2 | Conway | ,, | | 1 |
| 3 | Middelburg | ,, | | 3 |
| 4 | Steynsburg | Steynsburg | K. | 2 |
| 5 | Venterstad | Venterstad | K. | 1 |
| 6 | Hanover | Hanover | K. | 2 |
| 7 | Hanoverweg | ,, | | 1 |
| 8 | Philipstown | Philipstown | K. | 1 |
| 9 | Petrusville | ,, | | 1 |
| P. 1a | Queenstown | Queenstown | K. | 1 |
| 1 | Sterkstroom | Sterkstroom | K. | 1 |
| 2 | Cyphergat | Molteno | K. | 1 |
| 3 | Molteno | Molteno | K | 1 |
| 4 | Stormberg | ,, | | 1 |
| 5 | Rapuishoek | Albert | K. | 1 |
| 6 | Jamestown | Aliwal-Noord | K. | 1 |
| 7 | Swempoort | Wodehouse | K. | 2 |
| 8 | Dordrecht | ,, | | 1 |
| 9 | Jaho | Lady Frere | K. | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 10 | Indwe | Indwe | K. | 2 |
| 11 | Elliot | Elliot | K | 3 |
| 12 | Rossouw | Wodehouse | K. | 1 |
| 13 | Roodenek | ,, | | 2 |
| 14 | Flaauwkraal | ,, | | 1 |
| 15 | Platkoppiesdrift | Aliwal-Noord | K. | 1 |
| 16 | Aliwal-Noord | ,, | | 1 |
| 17 | Grootdam | Rouxville | O. | 1 |
| 18 | Wesselshof | Smithfield | O. | 1 |
| 19 | Smithfield | ,, | | 1 |
| 20 | Zastron | Zastron | O. | 2 |
| 21 | Kornetspruit | ,, | | 1 |
| Q. 1 | Umgazana | Port St. Johns | K. | 1 |
| 2 | Sandwana | Elliot | K. | 1 |
| 3 | Qumbu | Grikwaland-Oos | K. | 1 |
| 4 | Harding | Alfred | N. | 1 |
| 5 | New Amalfi | Mt. Currie | K. | 1 |
| R. 1 | Umtentweni | Port Shepstone | N. | 2 |
| 2 | Umzinto | ,, | | 1 |
| S. 1 | Mesklip | Namakwaland | K. | 1 |
| 2 | Springbok | ,, | | 1 |
| 3 | Nababeep | ,, | | 1 |
| 4 | Steinkopf | ,, | | 1 |
| T. 1 | Pofadder | Kenhardt | K. | 2 |
| 2 | Onseepkans | ,, | | 2 |
| U. 1 | Kenhardt | ,, | | 2 |
| 2 | Droëgrond | ,, | | 2 |
| 3 | Nabees | ,, | | 1 |
| 4 | Marchand | Gordonia | K. | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 5 | Alheit | Gordonia | | 1 |
| 6 | Kakamas | ,, | | 7 |
| 7 | Friersdale | ,, | | 3 |
| 8 | Keimoes | ,, | | 2 |
| 9 | Upington | ,, | | 1 |
| 10 | Grootdrink | ,, | | 1 |
| V. 1 | Niekerkshoop | Hay | K | 2 |
| 2 | Bermolli | ,, | | 1 |
| 3 | Postmasburg | ,, | | 1 |
| W. 1 | Krugerstasie | Trompsburg | O. | 1 |
| 2 | Bethany | Bloemfontein | O. | 1 |
| 2a | Fauresmith | Fauresmith | O. | 1 |
| 3 | Luckhoff | ,, | | 1 |
| 4 | Koffiefontein | ,, | | 9 |
| 5 | Graspan | Jacobsdal | O. | 1 |
| 6 | Michville | ,, | | 1 |
| 7 | Honeynestkloof | ,, | | 1 |
| 8 | Plooysburg | Fauresmith | O. | 1 |
| 9 | Jacobsdal | Jacobsdal | O. | 2 |
| 10 | Petrusburg | Fauresmith | O. | 1 |
| 11 | Immigrant | Bloemfontein | O. | 1 |
| 12 | Ooktevreden | ,, | | 1 |
| 13 | Dealesville | Boshof | O. | 13 |
| 14 | Klippan | ,, | | 1 |
| 15 | Kimberley | Kimberley | K. | 1 |
| 16 | Barkley-Wes | Barkley-Wes | K. | 1 |
| 17 | Windsorton | ,, | | 1 |
| 18 | Knapdaar | Boshof | O. | 1 |
| 19 | Rondebult | ,, | | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 20 | Boshof | Boshof | | 2 |
| 21 | Warrenton | Kimberley | K. | 1 |
| X. 1 | Reddersburg | Reddersburg | O. | 2 |
| 1a | Draaihoek | ,, | | 1 |
| 2 | Mentzburg | Smithfield | O. | 1 |
| 3 | Dewetsdorp | Dewetsdorp | O. | 4 |
| 4 | Robertsrust | ,, | | 1 |
| 5 | Nevada | ,, | | 1 |
| 6 | Morija | Basotoeland | | 1 |
| 8 | Thabapatchoa | Thaba Nchu | O. | 1 |
| 8a | Thaba Nchu | ,, | | 1 |
| 9 | Sannaspos | Bloemfontein | O. | 1 |
| 10 | Kerelaw | ,, | | 1 |
| 11 | Bloemfontein | ,, | | 4 |
| 12 | Eerstegeluk | ,, | | 1 |
| 13 | Ficksburg | Ficksburg | O. | 3 |
| 14 | Ladybrand | Ladybrand | O. | 1 |
| 15 | Westminster | Ladybrand | O. | 2 |
| 16 | Excelsior | Winburg | O. | 1 |
| 17 | Rosendal | Ficksburg | O. | 1 |
| 18 | Cecilia | Senekal | O. | 1 |
| 19 | Marquard | ,, | | 5 |
| 20 | Karoo | Brandfort | O. | 1 |
| 21 | Boesmansberg | ,, | | 1 |
| 22 | Soutpan | ,, | | 2 |
| 23 | Cyfergat | ,, | | 1 |
| 24 | Salvy | ,, | | 1 |
| 25 | Bultfontein | Hoopstad | O. | 1 |
| 26 | Winburg | Winburg | O. | 4 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 27 | Theunissen | Winburg | | 11 |
| 28 | Welgeleë | ,, | | 1 |
| 29 | Virginia | Ventersburg | O. | 1 |
| 30 | Paul Roux | Senekal | O. | 2 |
| 31 | Senekal | ,, | | 1 |
| 32 | Libertas | ,, | | 1 |
| 33 | Arlington | Lindley | O. | 1 |
| 34 | Sarina | ,, | | 1 |
| Y. 1 | Buthabuthe | Basotoeland | | 1 |
| 2 | Fouriesburg | Fouriesburg | O. | 2 |
| 3 | Fouriesburgstasie | ,, | | 1 |
| 4 | Slabberts | ,, | | 1 |
| 5 | Clarens | Bethlehem | O. | 2 |
| 6 | Keerom | ,, | | 1 |
| 7 | Kestell | ,, | | 2 |
| 8 | Geluksburg | Kliprivier | N. | 1 |
| 9 | Groothoek | Harrismith | O. | 1 |
| 10 | Harrismith | Harrismith | O. | 1 |
| 11 | Aberfeldy | ,, | | 1 |
| 12 | Kransfontein | Bethlehem | O. | 1 |
| 13 | Bethlehem | ,, | | 12 |
| 14 | Valsrivier | ,, | | 1 |
| 15 | Malanspos | ,, | | 1 |
| Z. 1 | Durban | Durban | N. | 1 |
| 2 | Phoenix (Ohlange) | Inanda | N. | 1 |
| 3 | Weenen | Weenen | N. | 1 |
| 4 | Greytown | Umvoti | N. | 3 |
| 5 | Kranskop | Kranskop | N. | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 6 | Nkwaleni | Eshowe | N. | 1 |
| 7 | Metzelfontein | Vryheid | N. | 1 |
| Cc. 1 | Batlaros | Koeroeman | K. | 1 |
| 2 | Sonstraal | ,, | | 1 |
| 3 | Joubertshuis | Vryburg | K. | 1 |
| 4 | Vergelegen | ,, | | 1 |
| 5 | De Jagerspan | ,, | | 1 |
| 6 | Detsiping | ,, | | 1 |
| Dd. 1 | Greefdale | Barkley-Wes | K. | 1 |
| 2 | Christiana | Christiana | T. | 1 |
| 3 | Hoopstad | Hoopstad | O. | 3 |
| 4 | Willowbrook | Bloemhof | T. | 1 |
| 5 | Bloemhof | ,, | | 1 |
| 6 | Kingswood | Wolmaransstad | T | 1 |
| 7 | Boskuil | ,, | | 1 |
| 8 | Amalia | Schweizerreneke | T. | 2 |
| 9 | Schweizerreneke | ,, | | 3 |
| 10 | Husveldt | Wolmaransstad | T. | 1 |
| 11 | Wolmaransstad | ,, | | 2 |
| 13 | Aarbos | Schweizerreneke | T. | 1 |
| 14 | Migdol | ,, | | 4 |
| 15 | Ottosdal | Lichtenburg | T. | 3 |
| 16 | Kleinhartsrivier | ,, | | 1 |
| 17 | Vermaas | ,, | | 2 |
| 18 | Biesjesvlei | ,, | | 1 |
| 19 | Sias | ,, | | 2 |
| 20 | Sannieshof | ,, | | 1 |
| 21 | Barberspan | ,, | | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 23 | Vryburg | Vryburg | K. | 8 (nie skoliere nie) |
| 24 | Allettasrus | ,, | | 1 |
| 25 | Stella | ,, | | 1 |
| 26 | Maritzana | Mafeking | K. | 1 |
| Ee. 1 | Wesselsbron | Hoopstad | O. | 6 |
| 2 | Odendaalsrust | ,, | | 4 |
| 3 | Fouchésrust | Bothaville | O. | 1 |
| 4 | Landskroon | Kroonstad | O. | 1 |
| 5 | Geluk | ,, | | 1 |
| 6 | Holfontein | Ventersburg | O. | 1 |
| 7 | Wonderkop | Kroonstad | O. | 2 |
| 8 | Steynsrust | Lindley | O. | 2 |
| 9 | Lindley | ,, | | 2 |
| 11 | Edenville | Kroonstad | O. | 1 |
| 11a | Heuningspruit | ,, | | 1 |
| 12 | Heilbron | Heilbron | O. | 16 |
| 13 | Kopjes | Vredefort | O. | 1 |
| 14 | Serfontein | Vredefort | O. | 1 |
| 15 | Rheboklaagte | ,, | | 1 |
| 16 | Bothaville | Bothaville | O. | 1 |
| 17 | Kransfontein | Wolmaransstad | T. | 2 |
| 18 | Leeuwdoornstad | ,, | | 1 |
| 19 | Harrisburg | Klerksdorp | T. | 1 |
| 20 | Bosmansrus | Wolmaransstad | T. | 1 |
| 21 | Kareesboskuil | ,, | | 1 |
| 22 | Rhenosterspruit | Klerksdorp | T. | 1 |
| 23 | Vierfontein | Bothaville | O. | 1 |
| 24 | Vredefort | Vredefort | O. | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 25 | Wolwehoek | Heilbron | O. | 1 |
| 26 | Coalbrook | „ | | 1 |
| 27 | Viljoensdrif (Stofberg) | „ | | 16 |
| 28 | Witkop | Potchefstroom | T. | 1 |
| 29 | Koedoesfontein | „ | | 1 |
| 30 | Jachtfontein | Vereeniging | T. | 1 |
| 31 | Vereeniging | „ | | 4 |
| 32 | Evaton | „ | | 1 |
| 33 | Grasmere | „ | | 1 |
| 34 | Eikenhof | Johannesburg | T. | 1 |
| 35 | Fochville | Potchefstroom | T. | 1 |
| 36 | Loopspruit | „ | | 1 |
| 37 | Potchefstroom | „ | | 26 |
| 38 | Hartebeestfontein | Klerksdorp | T. | 3 |
| 39 | Oppaslaagte | Lichtenburg | T. | 1 |
| 40 | Cyferkuil | Klerksdorp | T. | 2 |
| 41 | Klipplaatsdrif | Ventersdorp | T. | 1 |
| 42 | Goedgevonden | Klerksdorp | T. | 1 |
| 43 | Mesa | Ventersdorp | T. | 1 |
| 44 | Boskop | Potchefstroom | T. | 1 |
| 45 | Muiskraal | „ | | 1 |
| 46 | Frederikstad | „ | | 1 |
| 47 | Reismierbult | Ventersdorp | T. | 1 |
| 48 | Kocksoord | Krugersdorp | T. | 1 |
| 49 | Randfontein | „ | | 1 |
| 50 | Randgate | „ | | 1 |
| 51 | Krugersdorp | „ | | 8 |
| 52 | Cyferbult | Rustenburg | T. | 3 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 53 | Muldersdrift | Krugersdorp | T. | 1 |
| 54 | Roodepoort | ,, | | 3 |
| 55 | Ventersdorp | Ventersdorp | T. | 1 |
| 56 | Makokskraal | ,, | | 1 |
| 57 | Coligny | Lichtenburg | T. | 2 |
| 58 | Tweebuffels | ,, | | 2 |
| 59 | Rietgat | ,, | | 1 |
| 60 | Lichtenburg | ,, | | 11 |
| Ff. 2 | Brighton | Bethlehem | O. | 1 |
| 3 | Petrus Steyn | Lindley | O. | 2 |
| 4 | Reitz | Reitz | O. | 2 |
| 5 | Bankspruit | Harrismith | O. | 1 |
| 6 | Middelwater | ,, | | 1 |
| 7 | Kafferstad | ,, | | 1 |
| 8 | Ingogo | Newcastle | N. | 1 |
| 9 | Volksrust | Volksrust | T. | 1 |
| 10 | Presentskraal | Vrede | O. | 1 |
| 11 | Tweeling | Frankfort | O. | 2 |
| 12 | Sodas | Heilbron | O. | 1 |
| 13 | Frankfort | Frankfort | O. | 9 |
| 14 | Tafelkop | ,, | | 1 |
| 15 | Zonder | Vrede | O. | 1 |
| 16 | Palmford | Volksrust | T. | 1 |
| 17 | Paardekop | ,, | | 1 |
| 18 | Platrand | Standerton | T. | 1 |
| 19 | De Kuilen | ,, | | 1 |
| 20 | Cornelia | Vrede | O. | 1 |
| 21 | Villiers | Frankfort | O. | 2 |
| 22 | Oranjeville | Heilbron | O. | 2 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 23 | Meyerton | Vereeniging | T. | 1 |
| 24 | Woyenthin | Heidelberg | T. | 1 |
| 25 | Greylingstad | ,, | | 1 |
| 26 | Cedarmont | Standerton | T. | 1 |
| 27 | Standerton | ,, | | 6 |
| 28 | Goedemoed | Wakkerstroom | T. | 1 |
| 29 | Uitspanning | Ermelo | T. | 2 |
| 30 | Morgenzon | ,, | | 2 |
| 31 | Rietspruit | ,, | | 1 |
| 32 | Ermelo | ,, | | 1 |
| 33 | Kromdraai | ,, | | 1 |
| 34 | Hartebeestfontein | ,, | | 1 |
| 35 | Davel | Bethal | T. | 2 |
| 36 | Bethal | ,, | | 2 |
| 37 | Trichard | ,, | | 2 |
| | | | | (plus 1 lys=30 leerlinge) |
| 83 | Devon | Heidelberg | T. | 2 |
| 39 | Heidelberg | ,, | | 5 |
| 40 | Nigel | Heidelberg | T. | 2 |
| 41 | Tamboekiesfontein | ,, | | 1 |
| 42 | Jamesonpark | ,, | | 1 |
| 44 | Johannesburg | Johannesburg | T. | 5 |
| 45 | Klipriviersoog | ,, | | 1 |
| 46 | Alberton | Germiston | T. | 2 |
| 47 | Elsburg | ,, | | 1 |
| 48 | Germiston | ,, | | 2 |
| 49 | Boksburg | Boksburg | T. | 1 |
| 50 | Benoni | Benoni | T. | 3 |
| | | | | (plus 1 lys=30 leerlinge) |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 51 | Springs | Springs | T. | 3 |
| 52 | Delmas | ,, | | 4 |
| 53 | Dryden | ,, | | 1 |
| 54 | Kendal | Witbank | T. | 2 |
| 55 | Vaalkrans | Marico | T. | 1 |
| 56 | Meerlus | Middelburg | T. | 1 |
| 57 | Gloria | ,, | | 1 |
| 58 | Uitskot | ,, | | 1 |
| 59 | Nuwepos | ,, | | 1 |
| 60 | Hendrina | ,, | | 1 |
| 61 | Halfgewonne | Bethal | T. | 1 |
| Gg. 1 | Utrecht | Utrecht | N. | 1 |
| 2 | Vryheid | Vryheid | N. | 8 |
| 3 | Zwartfolosi | ,, | | 1 |
| 4 | Hlobane | ,, | | 1 |
| 5 | Zuinguin | ,, | | 1 |
| 6 | Penvaan | Paulpietersburg | N. | 1 |
| 7 | Paulpietersburg | ,, | | 1 |
| 8 | Wakkerstroom | Wakkerstroom | T. | 1 |
| 9 | Kalkoenkrans | ,, | | 1 |
| 10 | Panbult | Piet Retief | T. | 1 |
| 11 | Potgietershoek | ,, | | 1 |
| 12 | Piet Retief | ,, | | 1 |
| 13 | Wittenberg | ,, | | 1 |
| 14 | Commondale | ,, | | 1 |
| 15 | Lake Chrissie | Ermelo | T. | 1 |
| 16 | Amsterdam | ,, | | 1 |
| 17 | Bremersdorp | Swasiland | | 1 |
| 18 | Carolina | Carolina | T. | 1 |


| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| Kk. 1 | Trekdrift | Lichtenburg | T. | 1 |
| 2 | Linokana | Marico | T. | 1 |
| Ll. 1 | Grasfontein | Lichtenburg | T. | 1 |
| 2 | Lucerne | Marico | T. | 1 |
| 3 | Zeerust | ,, | | 8 |
| 4 | Rooisloot | ,, | | 1 |
| 5 | Kwaggafontein | ,, | | 1 |
| 6 | Kafferskraal | ,, | | 1 |
| 7 | Vaalkop | ,, | | 2 |
| 8 | Groot Marico | ,, | | 3 |
| 9 | Lead Mine | ,, | | 1 |
| 10 | Mabaalstad | Rustenburg | T. | 1 |
| 11 | Koster | ,, | | 3 |
| 11a | Zwartruggens | ,, | | 1 |
| 21 | Derby | Rustenburg | T. | 1 |
| 13 | Maanhaarrand | ,, | | 1 |
| 14 | Sterkfontein | Krugersdorp | T. | 1 |
| 15 | Broederstroom | Pretoria | T. | 1 |
| 16 | Hekpoort | Krugersdorp | T. | 1 |
| 17 | Rustenburg | Rustenburg | T. | 4 |
| 18 | Kroondal | ,, | | 1 |
| 19 | Sterkoog | ,, | | 1 |
| 20a | Marikana | ,, | | 3 |
| 20 | Mooi Nooi | ,, | | 1 |
| 22 | Jacksonstuin | Brits | T. | 1 |
| 23 | Brits | ,, | | 2 |
| 24 | Pansdrift | ,, | | 1 |
| 25 | Beestekraal | ,, | | 2 |
| 26 | Wevedeen | Rustenburg | T. | 2 |


| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 27 | Heystekrand | Rustenburg | | 1 |
| 28 | Boshoek | ,, | | 1 |
| 29 | Rhenosterdoorns | ,, | | 1 |
| 30 | Matooster | ,, | | 1 |
| 31 | Matlapein | ,, | | 1 |
| 32 | Riekertsdam | Marico | T. | 1 |
| 33 | Zwartfontein | ,, | | 1 |
| 34 | Silakatskop | Rustenburg | T. | 1 |
| 35 | Ganskuil | ,, | | 2 |
| 36 | Northam | ,, | | 1 |
| 37 | Rooiberg | Waterberg | T. | 1 |
| 38 | Makoppa | Rustenburg | T. | 1 |
| 39 | Dwaalboom | ,, | | 1 |
| 40 | Kayaseput | ,, | | 1 |
| 41 | Rooibosbult | ,, | | 1 |
| Mm. 1 | Hennopsrivier | Pretoria | T. | 1 |
| 2 | Voortrekkerhoogte | ,, | | 1 |
| 4 | Pretoria | ,, | | 38 |
| 5 | Eerste Fabrieke | ,, | | 1 |
| 6 | Silverton | ,, | | 1 |
| 7 | Pinedene | ,, | | 1 |
| 8 | Olifantsfontein | ,, | | 1 |
| 9 | Cullinan | ,, | | 1 |
| 10 | Bronkhorstspruit | ,, | | 6 |
| 11 | Tygerpoort | ,, | | 1 |
| 12 | Clewer | Witbank | T. | 1 |
| 13 | Witbank | ,, | | 1 |
| 14 | Middelburg (Bothsabelo) | Middelburg | T. | 3 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| 15 | Pan | Middelburg | | 1 |
| 15a | Wonderfontein | Belfast | T. | 1 |
| 16 | Lagersdrift | Middelburg | T. | 1 |
| 17 | Witpoort | ,, | | 1 |
| 18 | Roossenekal | ,, | | 1 |
| 18a | Molayta | ,, | | 1 |
| 19 | Vaalplaas | Pretoria | T. | 1 |
| 20 | Sybrandskraal | ,, | | 1 |
| 21 | Seringkop | ,, | | 1 |
| 22 | Bynespoort | ,, | | 1 |
| 24 | Bon Accord | ,, | | 1 |
| 25 | Pyramid | ,, | | 1 |
| 26 | Rosslyn | ,, | | 1 |
| 27 | Hebron | ,, | | 1 |
| 28 | Silbermanspas | ,, | | 2 |
| 29 | Settlers | Waterberg | T. | 1 |
| 30 | Warmbad | Waterberg | T. | 1 |
| 31 | Tuinplaats | ,, | | 1 |
| 32 | Marolong | ,, | | 1 |
| 33 | Grassvalley | Potgietersrust | T. | 1 |
| 33a | Monsterlus | Middelburg | T. | 1 |
| 34 | Roedtan | Potgietersrust | T. | 1 |
| 35 | Middelfontein | Waterberg | T. | 1 |
| 36 | Naboomspruit | Potgietersrust | T. | 1 |
| 37 | Vaalkop | Waterberg | T. | 1 |
| 37a | Elmeston | ,, | | 1 |
| 38 | Loubad | ,, | | 1 |
| 39 | Honingfontein | ,, | | 1 |
| 40 | Alma | ,, | | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 41 | Zandrivierspoort | Waterberg | | 1 |
| 42 | Geelhoutkop | ,, | | 1 |
| 43 | Sukses | ,, | | 1 |
| 45 | Nuwe Smitsdorp | Pietersburg | T. | 1 |
| Nn. 1 | Goedehoop 20 | Carolina | T. | 1 |
| 2 | Uitkomstskool | Belfast | T. | 1 |
| 3 | Machadodorp | ,, | | 1 |
| 4 | Belfast | ,, | | 20 |
| 5 | Helvetia-Noord | ,, | | 1 |
| 6 | Karino | Nelspruit | T. | 1 |
| 7 | Badfontein | Lydenburg | T. | 1 |
| 8 | Swagershoek | ,, | | 1 |
| 9 | Draaikraal | Belfast | T. | 1 |
| 10 | Lydenburg | Lydenburg | T. | 2 |
| 11 | Castle Rock | Pelgrimsrus | T. | 1 |
| 12 | Brookdale | ,, | | 1 |
| 14 | Mauchsberg | Pelgrimsrus | T. | 1 |
| 15 | Graskop | ,, | | 1 |
| 16 | Pelgrimsrus | ,, | | 1 |
| 17 | Blyde Pos | ,, | | 1 |
| 18 | Ohrigstad | Lydenburg | T. | 1 |
| 19 | Rodekrans | ,, | | 1 |
| Oo. 1 | Sentrum | Waterberg | T. | 1 |
| Pp. 1 | Villa Nora | Potgietersrust | T. | 1 |
| 2 | Marken | ,, | | 1 |
| 3 | Limburg | ,, | | 1 |
| 4 | Pietersburg | Pietersburg | T. | 2 |
| 5 | Mokeetsi | ,, | | 1 |
| 6 | Daviesville | ,, | | 1 |

| Nommer op Sleutel-kaart. | Pleknaam | Distrik en | Provinsie | Aantal lyste. |
|---|---|---|---|---|
| 7 | Waterpoort | Louis Trichardt | T. | 1 |
| 8 | Vivo | Zoutpansberg | T. | 1 |
| 9 | Tom Burke | Potgietersrust | T. | 1 |
| Qq. 1 | Tzaneen | Letaba | T. | 2 |
| 2 | Goudplaats | „ | | 1 |


Tokkelossie: Kaart nr. 4:
Tokkelossie as Goëlery
Tokkelossie as Kinderskrik.
om kinders weg te hou
van water
gevaarplekke
uit tuin;
om te belet dat kinders
alleen rondloop
kaalkop loop
kaalvoet loop
snags rondloop
leuens vertel
oneerlik is.
7.11.40 AJC


Unie van Suid-Afrika
Tokkelossie: Sleutelkaart
Staatsgrense.
Provinsiale Grense.